



HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHED E UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

UOVS-SASOL-BIBLIOTEEK 0044111



111002313101220000019

ONDERSOEK NA DIE ONTWIKKELING VAN DIE
RELIGIEUSE OORDEEL VAN KINDERS TUSSEN
AG EN TWAALF JAAR, OM VAS TE STEL IN
HOEVERRE DIE RELIGIEUSE DOELSTELLING VERWESENLIK WORD .

deur

Niel Tobias van Loggerenberg. B.A., B.Ed.

Verhandeling voorgelê ter vervulling van 'n
deel van die vereistes vir die graad

M. Ed.,

in die Fakulteit OPVOEDKUNDE
aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat,

BLOEMFONTEIN.

November 1956.

Ek verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die graad van
M.Ed. aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat deur my in-
gedien word, nie eerder deur my vir 'n graad aan enige ander
Universiteit ingedien is nie.

N.T. van Loggerenberg.

11111

INERDIE EKSEMPLAAR MAS ONDER
GEEN OMSTANDIGHED E UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD ME

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

11 JUN 1957

KLAS NO. T. 200.19 h 09

No. 44111

BIBLIOTEEK

VOORWOORD.

Wie hom waag om oor die opvoeding te skryf, waag baie.
As hierdie werkie die leser egter net tot nadenke prikkel, sal
ek dit as 'n kroon op my nederige bydrae beskou.

Vir die bronne wat ek geraadpleeg het, is ek besonder
dank aan die biblioteek van die Onderwyserskollege van die
Universiteit van die Oranje-Vrystaat, verskuldig, asook aan die
hoofde van skole saam met die betrokke onderwysers wat op die
vraelyste geantwoord het. Hiermee ook my innige en opregte
waardering aan Professor Dr. O.C. Erasmus vir sy besielende
leiding en hulpvaardige offervaardigheid. Sy opregte belang-
stelling was steeds 'n aansporing om te volhard en deur te druk.
Ook my dank aan verskeie ander persone wat in een of ander vorm
hulp verleen het en wie onmoontlik in 'n beperkte voorwoord ge-
meld kan word.

Ten slotte my diepste erkentlikheid teenoor my eggenote
vir haar belangstelling, opoffering en stille inspirasie waar-
sonder hierdie studie nie moontlik sou gewees het nie.

N.T. van Loggerenberg.

10 November 1956.

INHOUDSOPGAWE.

INLEIDING 1 - 5

1. Nadere presisering van die titelopskrif 1
2. Die Probleem nader omskryf 2
3. Die Godsdienstige Doelstelling 3
4. Programaankondiging 5

HOOFSTUK I.

LEWENSBEKOUING EN OPVOEDING 6 - 19

1. Opvoedingsteorie en - praktyk 6
2. Opvoedingsteorie en lewensopvatting 6
3. Lewensopvatting na sy wese 7
4. Die A- rasionele karakter van 'n lewensopvatting 10
5. Verskeidenheid van lewensopvattinge 11
6. Objektiviteit en neutraliteit 13
7. Die Christelik-Reformatoriese lewensvisie 14

HOOFSTUK II.

DIE RELIGIEUSE OORDEEL 20 - 32

1. Religie en godsdiens 20
2. Die wese, setel en oorsprong van religie 21
3. Die wese van die religieuse oordeel 24
4. Die maatstaf van die religieuse oordeel 27
5. Die juistheid en suiwerheid van die religieuse oordeel 29

HOOFSTUK III.

ONTLEDING EN BEVINDINGE VAN DIE EIE ONDERSOEK 33 - 59

1. Ontleding van die eie ondersoek 33
2. Bevindinge van die eie ondersoek 39

HOOFSTUK IV.

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS 60 - 83

1. Die oordeel van die kind oor God Drieënig 60
2. Die oordeel oor die gebed 65

3.	Die oordeel oor die sonde.....	66...
4.	Die oordeel van die kind oor die herkoms en bestemming van die mens	72
5.	Die oordeel van die kind oor die diens en aanbidding van God Drieënig	74
6.	Die kind en sy Bybel	76
7.	Samevatting	77
8.	Finale aanbevelings	78

<u>BIBLIOGRAFIE</u>	84 - 87
---------------------------	---------

I N L E I D I N G .

NADERE PRESISERING VAN DIE TITELOPSKRIF EN PROBLEEMSTELLING.

In hierdie verhandeling gaan dit oor 'n ondersoek na die ontwikkeling van die religieuse oordeel by kinders tussen die ouderdomme ag en twaalf jaar met die doel om vas te stel in hoeverre die godsdienstige opvoedkundige doelstelling verwesenlik word in genoemde kinderfase. Om die probleem duideliker te formuleer en uiteindelik die program vir die onderhawige studie aan te dui, is dit noodsaaklik dat die titelopskrif nader omskryf sal word.

1. Nadere Presisering van die Titelopskrif.

Dit gaan in die eerste plek oor die begrip ontwikkeling wat 'n proses van verandering impliseer. Sodanige verandering word teweeggebring deur omgewingsinvloede en deur aangebore disposisies. Die spoed van ontwikkeling hang dus af van aanleg en doelbewuste beïnvloeding van buite; trouens sonder die nodige natuurlike ryping sal blote leer van buite weinig invloed hê. Die skoolkind gaan deur bepaalde fases van groei en ontwikkeling en die onderwyser-opvoeder oefen bewustelik invloed op hom uit om daardie ontwikkelingspotensialiteite in 'n bepaalde rigting te stuur. In die hele ontwikkelingsproses van die kind as 'n persoonlikheid-in-wording is daar sprake van sy liggaamlike, verstandelike, emosionele, estetiese, sedelike en religieuse ontwikkeling. In hierdie geskrif word 'n ondersoek ingestel na die ontwikkeling van een spesifieke funksie naamlik die oordeelvermoë. Onder oordeel suiwer vanuit die standpunt van die logika gesien, verstaan ons dit as 'n daad van die gees waarby 'n bepaalde gedagte of gedagte-verbinding oor die werklikheid of deel daarvan gekonstateer word deur te bevestig of te ontken. "Dis die sintetisering van begrippe oor die werklikheid of 'n deel daarvan aan die hand van bevestiging of ontkenning." Om te oordeel, veronderstel 'n voorwerp waaroor iets gesê of beweer word, iets gekonstateer, verwerp of aanvaar word, 'n voorwerp waaraan
.....
1) Coetzee: Die Ontwikkeling van die Sedelike Oordeel, 15.

daar waarde toegeken of ontsê word. Om 'n gesonde oordeel te kan vel, is nodig juistheid en suiwerheid van begrip, skerp waarneming en vaardigheid van denke. Dit is oordeel in die gangbare sin van die woord, maar dit is slegs die logiese of verstandelike oordeel. Hieroor gaan dit nie in hierdie studie nie. Dit gaan verder ook nie oor die sedelike, estetiese of selfs die juridiese oordeel nie, maar oor die religieuse oordeel. Alhoewel die skone, die goeie en die ware die nouste verband met mekaar hou, word in hierdie studie slegs die religieuse betrek, m.a.w. dit gaan nie hier oor die vermoë van die mens om die skone in die lewe te waardeer nie en ook nie oor die mens as 'n sedelik - waardebepalende wese waar hy gesindhede en karaktertrekke loof of laak nie. Alhoewel die religieuse oordeel onlosmaaklik verbonde is met die intellektuele en morele funksies by die mens en dus ook by die kind, handel hierdie studie uitsluitlik oor die religieuse oordeel as synde 'n supra-intellektuele aangeleentheid.

Vervolgens moet daarop gelet word dat die religieuse oordeel van 'n bepaalde fase in die kinderontwikkeling ondersoek word en wel dié tussen die jare ag en twaalf. Die ondersoek skakel dus alle middelbare leerlinge asook kinders in die kleuterfase en in die standerds uit. Slegs leerlinge in standerds 1 tot 5 word hier betrek.

2. Die Probleem nader omskryf.

Die doel van die ondersoek is om vas te stel in hoeverre die oordeelvermoë van kinders in genoemde fase ooreenstemming of afwykinge vertoon van die ideale religieuse oordeelvermoë wat van hulle verwag word. By die skole waar die ondersoek ingestel word, is godsdiensonderrig 'n verpligte vak. Oor die godsdiensstig-opvoedkundige oogmerke is daar geen meningsver-

.....

- 2) Vgl. Husen: Christelike Paedagogiek, 68.
- 3) Vgl. Stayt: (i) Art Education for children, 3.
(ii) Kohnstamm: Persoonlikheid in Wording, 19.
- 4) Die wese van die religieuse oordeel word in Hoofstuk II nader omskrywe.
- 5) Die ideale oordeelvermoë sal bepaal word deur die religieuse doelstelling wat in paragraaf 3 van die inleiding beskryf word.

skil nie, dit staan opgeteken in menige opvoedkundige geskrif en in die Woord van God. Hierdie doelstelling met spesiale verwysing na die ideale godienstige oordeelvermoë ten opsigte van die leerlinge se Godsvoorstellings, beskouinge oor Christus die Middelaar, die Heilige Gees, die gebed, die sonde, die oorsprong, wese en bestemming van die mens, die mens en sy kerkverband, sy verhouding tot die Sabbat en die Woord van God, word as ideale bejeën. Deur onder andere skoolopvoeding moet hierdie ideale verwesenlik word. Uit die ondersoek sal dan duidelik blyk in watter mate daarin geslaag word om die doelstellinge verwesenlik te kry. Om 'n beeld te kry van wat onder die ideale oordeelvermoë by kinders in voorgenoemde fase verstaan word, is dit noodsaaklik dat in die volgende paragraaf eers 'n uiteensetting gegee sal word van die godsdienstig-opvoedkundige doelstelling.

3. Die godsdienstige doelstelling van die opvoeding.

Volgens Christelik-Protestantse beskouing is die opperste doelstelling van alle onderwys om tot die eer en verheerliking van God Drieëinig mense van God te vorm vir elke goeie werk volkome toegerus.

Die doel van die opvoeding vloei uit die inhoud van die Heilige Skrif voort, naamlik om God te ken, te verheerlik en te eer. Dit is die taak van die opvoeder om te sorg vir die waaragtige religieuse vorming en ontwikkeling van die opvoedeling. Aan hierdie fundamentele doelstelling ontleen ons naderbyliggende doelstellinge wat noodsaaklik is om te verwesenlik alvorens die opperste doelstelling bereik kan word.

Die mens moet God ken wat hom geskape het. Dit is die hoogste goed, want om tot Sy eer te lewe moet ons Hom ken. Uit die Woord van God moet die kind God leer ken as die Heilige en Ewige wat 'n ontoeganklike Lig bewoon en nie deur die

6) Vgl. (a) O.V.S. Leerplan vir Godsdienstonderwys, 4.
(b) Bavinck: Pedagogische Beginselen, 52-53.
(c) 2 Tim. 3 vs. 17.

7) Vgl. Coetzee: Vraagstukke in die opvoedkundige Politiek, 33.

8) Vgl. Oberholzer: Inl. in die Prin. Opvoedkunde, 197.

sondige mens gesien kan word nie. Hy onderhou die heelal en
 9)
 regeer oor alles en almal.

Naas die kennis van God die Vader is onafskeid-
 baar daaraan verbonde dié van God die Seun wat na Sy liggaam in
 die hemel aan die Regterhand van God sit vanwaar Hy vir ons bid
 en intree by God die Vader; na Sy Gees woon Hy in ons. Sy
 koms na die aarde het 'n doel gehad nl. om die sonde van die
 10)
 wêreld te dra en die weg weer te baan na die Vaderhuis.

Eindelik is daar die derde Persoon van die Goddelike
 Drieënheid die Heilige Gees wat in die gelowige kinders van God
 woon as vervulling van Christus se belofte dat Hy nie Sy volge-
 11)
 linge as wese sal agterlaat nie. Waaragtige kennis van die
 Drieënige God beteken kennis van gans die Bybel en die leer
 daarin vervat.

Die kind moet ook kennis maak met die wese van die
gebed soos openbaar in die Ou Testament en veral van die verhewe
 voorbeeld van die Here Jesus, die volmaakte Leermester. Ons
 bid tot God deur Jesus Christus om daarmee ons onmag te bely
 12)
 en 'n beroep op Gods almag te maak. Die kind moet leer dat sy
 gebed nie altyd verhoor word nie, omdat ons verkeerd bid aange-
 sien ons wil nie altyd in harmonie met die wil van God is nie.

'n Verdere doelstelling is om die leerlinge vertrouwd
 13)
 te maak met die eise en beginsels van Gods Woord en Wet. Sonde
 is alles wat in stryd is met die wil van God. Die positiewe
 lewensbeskouing van Christus is van besondere belang nl. om God
 en Sy skepsel nl. ons medemens lief te hê. God eis onvoor-
 waardelike oorgawe en toewyding.

.....

- 9) Vgl. (a) Waterink: Theorie der Opvoeding, 561.
 (b) Greyling: Godsdiensonderwys in die skool, 181.
 10) Vgl. Joh. 3 vs. 16.
 11) Vgl. Greyling, a.w., 180.
 12) Vgl. (a) O.V.S. Leerplan vir Godsdiensonderwys, 5.
 (b) Oberholzer: a.w., 195.
 13) Vgl. Greyling, a.w., 181.

Verder streef die godsdienstige opvoeding ook daarna om by die kind tuis te bring die regte insig oor die oorsprong en bestemming van die mens. Die mens is nie 'n meganiese natuurprodukt wat deur natuurwetmatighede rondgeslinger word en wie se bestaan met die dood eindig nie. God het die mens na Sy beeld geskape en in hom die ewigheid geplaas wat na gelang sy lewe op aarde rampsalig of geluksalig sal wees. Tereg sê Waterink: Kennis van deze dingen is nodig opdat wij als vrome christen kunnen leven." 14)

By die leerlinge moet die regte gesindheid van eerbied jêrens God Opgewek word veral t.o.v. die onderlinge geestelike byeenkomste waarvan die erediens 'n besondere ereplek inneem. "My huis moet 'n huis van gebed genoem word," is die gees wat spreek by alle geestelike byeenkomste. Nou verwant hieraan is die regte beskouing oor die Sabbat, 'n rusdag deur God self ingestel en wat daarom aan Hom gewy moet word. Met dieselfde eerbied moet Sy Woord genader word. Al die Skrif is deur God ingegee. 15)

Alleen as genoemde ondergeskikte doelstellings nagestreef word, kan die opperste doelstelling van die christelike opvoeding naamlik die verheerliking van God op elke terrein van die lewe verwesenlik word. 16)

4. Programaankondiging:

In die eerste hoofstuk gaan dit oor die verband tussen 'n lewensbeskouing en opvoeding, terwyl 'n kort samevatting van die Christelik-Reformatoriese lewensvisie gegee word, aangesien dit dien as agtergrond vir die wese en maatstaf van die religieuse oordeel wat in hoofstuk twee bespreek word. Hoofstuk drie handel oor die eie ondersoek en bevindinge, terwyl hoofstuk vier ten slotte gaan oor gevolgtrekkings van die ondersoek en moontlike aanbevelings ter bevordering van die godsdienstige opvoedkundige doelstelling.

.....

14) Waterink: Theorie der Opvoeding, 561.

15) Vgl. (a) 2 Tim. 3 vs. 16.

(b) 2 Petrus 1 vs. 21.

16) Vgl. Erasmus: Die Personalisme van Kohnstamm, 16.

H O O F S T U K I.

LEWENSBEKOUING EN OPVOEDING.1. Opvoedingsteorie en - praktyk.

Opvoedings - en onderwyspraktyke is praktiese aangeleenthede wat doelbewus strewe na die verwesenliking van bepaalde opvoedkundige oogmerke.¹⁾ Die praktyk word gekenmerk deur sy organisasie, administrasie, onderwys - en leeraktiwiteite deur onderwyser en kind respektiewelik, bepaalde metodes en tegnieke en bepaalde tughandhawings - prosedures. Hierdie praktyk van opvoeding en onderwys wat in verband staan met die daadwerklike vorming van karakter, die bybring van kennis en die inoefening van vaardighede by die kind, ontstaan nie sommer vanself nie. Dit voorveronderstel 'n teorie. Elke opvoedingspraktyk rus teen 'n opvoedingsteorie, en wat meer is: elke praktyk is veranker in 'n bepaalde teorie wat impliseer dat die beoefenaars van die praktyk 'n bepaalde keuse gemaak het en wanneer daar van 'n keuse sprake is, word verskeidenheid van praktyke en dus teorieë²⁾ veronderstel.

Alhoewel die opvoedingsteorie en - praktyk van mekaar onderskei kan word, kan dit nooit heeltemal geskei word nie. Teorie en praktyk hoort bymekaar. Die teorie van die opvoeding kan beskryf word as die besinning oor die opvoedingspraktyk met die eventuele verbetering van die bestaande praktyk en toekomstige praktyke.³⁾

2. Opvoedingsteorie en lewensopvatting.

Die opvoedingsbedrywighede in die skool word deur 'n bepaalde opvoedingsteorie onderlê. Hierdie opvoedingsteorie op

1) Vgl. Coetzee: Inl. tot die Alg. Teo. Opvoedkunde, 88.

2) Vgl. Coetzee: Inl. tot die Alg. Praktiese Opvoedkunde, 3-11.

3) Vgl. a) Van Klinken: Hoofdllyne en Hoofdpunte van die Opvoedkunde, 8-9.

b) Bavinck: Pædagogische Beginselen, 18.

sy beurt hang nie in die lug nie, maar steun op 'n bepaalde lewensopvatting: „Elke levensbeschouwing behelst een opvoedings-
 theorie, en elke opvoedingstheorie is gebouwd op een levensbe-
 schouwing“⁴⁾ Die teoreties - opvoedkundige denke van enige op-
 voedkundige word dus deur sy lewensopvatting bepaal en gedra.
 Daar is geen ware opvoedingstheorie en - praktyk moontlik sonder
 die rigtende en steunende krag van 'n bepaalde lewensopvatting nie.⁵⁾

Die vraagstuk aangaande die opvoedkundige doelstellinge
 word deur 'n lewensopvatting bepaal. Die skool strewende daarna om
 die kind tot gehoorsaamheid aan die gesag en outoriteit van aan-
 vaarde norme te bring. Die opvoedingsdoel is 'n weerkaatsing van
 die lewensopvatting.⁶⁾ Ook die leerstofkeuse en selfs die onderwys-
metode⁷⁾ word deur 'n lewensopvatting bepaal. Ook moet kortliks
 vermeld word dat verder die hele terrein van die opvoedingstheorie
 soos die beskouing aangaande die moontlikheid, noodsaaklikheid en
 grense van die opvoeding, die probleem van vryheid en gesag, die
 kwaliteite en funksies van die opvoeder van beroep, die pedologie
 en selfs die organisasie van 'n skool deur 'n lewensopvatting daar-
 agter beheer word.⁸⁾ Al bogenoemde sake betreffende die opvoedings-
 theorie en - praktyk word bepaal deur 'n lewensopvatting wat op sy
 beurt in 'n beskouing oor waardes, oor die mens, oor die etiek en
 die waarheid veranker is. Hierdie laaste gedagte bring ons dan
 by die volgende vraagstuk naamlik die wese van 'n lewensopvatting.

3. Lewensopvatting na sy wese.

In die voorafgaande is gepraat oor 'n lewensopvatting en
 sy verbondenheid met die opvoeding. In hierdie paragraaf moet
 kortliks geskets word wat onder 'n lewensopvatting verstaan word.
 Hieronder word kortliks die volgende viertal sake ingesluit.

.....

- 4) De Hoovre: Paedagogische Wijsbegeerte, 5.
- 5) Vgl. Coetzee: Inl. tot die Alg. Teo. Opvoedkunde, 32.
- 6) Vgl. Langeveld: Beknopte Theoretische Paedagogiek, 21.
- 7) Vgl. Coetzee: Inl. tot die Alg. Teo. Opv., 29.
- 8) Vgl. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 18.

Ten eerste hang enige lewensopvatting ten nouste saam met 'n
beskouing oor waardes in rangorde van waardevoorkeur.⁹⁾

Een mens kan byvoorbeeld voorkeur gee aan religieuse, 'n ander aan sedelike of estetiese of teoretiese waardes. Ook 'n persoon se beskouing oor die herkoms, die gesag en die moontlikheid van waardeverwesenliking is 'n kwessie van sy lewensopvatting. Elke mens en dus elke opvoedkundige en opvoeder staan in 'n noodsaaklike verbondheid met waardes. Die waardes wat hy hoog ag hang af van sy wilskeuse of besluite en wat meer is: sodanige waardes wat as opperste waardes bejeën word, sal voorgehou word as opvoedkundige doelstellinge. Die opperste waarde staan altyd bekend as die sentraliserende waarde en laasgenoemde bepaal die rangorde van al die ander waardes. 'n Lewensopvatting is dus altyd 'n waardeaanleentheid. Die sentraliserende waarde plaas op die opvoeder 'n eis van verpligting en sodanige behoortlikheids-¹⁰⁾ eis bevat altyd normerende invloed.

Ten tweede is enige lewensopvatting onlosmaaklik verbonde met die wysgerig antropologiese probleem. Opvoeding het te doen met wordende mense in hulle gerigtheid op waardes en die noodsaaklikheid van waardeverwesenliking, daarom sal en moet die sentrale vraag i.v.m. alle opvoedkundige probleemkwessies teruggevoer word tot die opvoedkundige se lewensbeskouing aangaande die mens na sy oorsprong, wese en bestemming. Meningsverskille t.o.v. die mens oor genoemde sake moet noodwendig lei tot meningsverskille t.o.v. opvoedkundige vraagstukke. Diegene met 'n oppervlakkige, naturalisties - georiënteerde mensbeskouing sal noodwendig 'n oppervlakkige opvoedingsbeskouing daarop nahou, terwyl diegene wat die mens sien as skepsel van God 'n verhewe korresponderende opvoedingsleer sal huldig. 'n Opvoedkundige se beskouing aangaande die mens sal vanselfsprekend sy op-

.....

9) Oberholzer : Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde, 49.

10) Vgl. a) Oberholzer : Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde, 133-163.

b) Coetzee: Die Ontwikkeling van die Sedelike Oordeel by leerlinge van die Middelbare Skool, 5 - 14.

voedkundige doelstellinge bepaal en laasgenoemde impliseer tog maar dat deur die opvoeding 'n bepaalde soort mens in die vooruitsig gestel word. Enige lewensopvatting is dus vanselfsprekend
11)
'n mensopvatting.

12) In die derde plek skakel 'n lewensopvatting met 'n sedeleer. Dit is daardie onderdeel van die wysgerige waardeleer en antropologie wat handel oor sedelike of etiese waardes en oor die mens as 'n sedelike wese. In hierdie verband word slegs vermeld dat die lewensopvatting in verband staan met die beskouing oor die mens as die enigste sedelike wese, die voorwerp en die voorwaarde van die sedelike oordeel, die bou en herkoms van die karakter as kern van die persoonlikheid, menslike verantwoordelikheid, en veral oor die sedelike maatstaf. By die sedelike maatstaf spreek die lewensopvatting op sy duidelikste, want wat aan die sedelike maatstaf voldoen, sal vanselfsprekend minstens een van die doelstellinge van die sedelike opvoeding wees. Die maatstaf by sedelike beoordeling kan of objektief of subjektief wees, dit kan gesoek word in die mens of buite die mens, dit kan verbind word aan die lus - of genotsgevoelens of geluk, aan die nuttige, menslike perfeksie, aan feite en natuurwetmatighede, aan die maatskappy, die ervaring, die objektiewe waarderyk, die esteties - bekoorlike, die waaragtige, die pligmatige, aan altruïsme, 'n eerbiedshouding teenoor die lewe of aan
13)
die Gebooie van God.

Laastens moet daarop gewys word dat 'n lewensopvatting
14)
ook duidelik spreek uit 'n waarheidsbeskouing. Dit wat as die waarheid beskou en aanvaar word, bepaal vanselfsprekend tesame

.....

- 11) Vgl. a) Kohnstamm, Ph: Pers. in Wording, XI
b) Oberholzer: Inl. in die Prins. Opvoedkunde, 104 - 110.
12) Vgl. Geesink: Gereformeerde Ethiek, 214 - 241.
13) Vgl. a) Banning: Typen van Zedeleer. 11 - 79, 118 - 135,
153 - 170.
b) Geesink: Gereformeerde Ethiek, 85 - 212.
c) Schweitzer: Civilization and Ethics, 240 - 281.
14) Vgl. Kohnstamm: Het Waarheidsprobleem.

met h waarde -, h mens - en h sedeleer ons opvoedkundige oogmerke. Diegene wat die waarheid meen te vind in nuwe of feitelike kennis wat h afbeelding van dinge is wat gesien, betas en geproe kan word, sal in sy opvoedingswerk ook nie dieper dring as die feitelik - waarneembare kennis nie. So kan daar ook diegene wees wat die waarheid vind in die deurdiening en bepeinsing van die sigbaar - waarneembare, wat strewe na wetenskaplike verstandelike insig langs die weg van sistematisering, eksperimentering en kontroliering van gegewens uit die menslik aanskoubare en logies - bewysbare.¹⁵⁾ Hierteenoor is daar diegene wat sekerheid van kennis op humane vlak betwyfel en die volle en absolute waarheid slegs meen te vind by die Persoon van God. Laasgenoemdes aanvaar dat die volle waarheid die verstand van die mens te bowe gaan en dat die kriterium vir alle waarheid slegs in die Woord van God opgesluit lê.

4. Die A - rasonale karakter van h lewensopvatting.

In die voorafgaande bespreking word gepraat van h lewens - opvatting en - beskouing wat aanvaar word. Om waarde te heg aan, om h bepaalde beskouing oor die mens te hê, om h norm by sedelike beoordeling te aanvaar en om h beskouing oor die waarheid te huldig, is geen bloot verstandelike aangeleentheid nie. Dit kom voort uit dieper lae in die menslike persoonlikheid naamlik uit die a-rasonale en selfs uit die supra-rasonale dimensies van menslike bestaan. h Lewensopvatting is h begrypende en geen verklarende aangeleentheid nie, dit is h intuitiewe vat en aanvoeling of „Einfühlung“ van waardes en waarhede. h Lewensopvatting is eerder h saak van die hart en nie van die verstand nie, dit is dus h geloofsaangeleentheid wat bely en aanvaar word en nooit bewys of verklaar word nie. Die aanvaarding van h sentraliserende waarde, die beskouing oor die mens na sy wese, die aanvaarding van bepaalde norme by sedelike

.....

15) Vgl. a) Niebuhr: The Nature and Destiny of Man, 3.

b) Kilpatrick: Philosophy of Education, 18,19.

beoordeling en die belydenis van die waarheid is sake wat die verstand van die mens te bowe gaan, want uit die hart is al die uitgange van die lewe.

5. Verskeidenheid van Lewensopvattinge.

In die vorige paragrawe is reeds gepraat van bepaalde lewensopvattinge en - oortuiginge wat tot individuele of groepe mense behoort. Dit impliseer die partikulariteit, eiesoortigheid en uniekheid van elke lewensopvatting. Mense verskil nou eenmaal van mekaar, die Ooste verskil van die Weste, die een kontinent van 'n ander, volkere en rasse verskil, die vasteland van Europa verskil van Amerika ens.. Feit bly daar is 'n verskeidenheid van lewensopvattinge: "Party is oppervlakkig, willekeurig, ondeurdag, wisselvallig, plat, vlak en lelik; andere weer is diepgaande, welbewus, goed deurdag, onveranderlik, fyn, godsdienstig, diep en skoon. Party daarvan vereng die blik van die mens, druk hom neer, verbitter die hart en laat die lewe oud en dood lyk; andere verruim die blik, hef die mens op, verbly die hart en laat die lewe jonk en fris lyk. Party daarvan is digterlik, intuïtief, bespiegelend, misties; andere weer is logies, redenerend, wetenskaplik. Party daarvan is heeltemal naïef; andere wysgerig deurgrond."

Al hierdie verskeidenheid van lewensopvattinge word deur verskillende opvoedkundiges in bepaalde groepe ingedeel soos die idealisme, die sosialisme, die realisme, die naturalisme, die pragmatisme, die Calvinisme ens.. Ook word tot hierdie -ismes die volgende toegevoeg: die evolusionisme, die materialisme, die positivisme, die eksperimentalisme en die progressivisme. Diltthey was die eerste wat al die verskei-
.....

16) Vgl. a) Bavinck: Paedagogische Beginselen, 20 - 23.

b) Kohnstamm: Pers. In Wording, XI.

17) Coetzee: Inl. tot die Alg. Teo. Opv., 32.

18) Vgl. Coetzee, a.w., 34 - 81.

19) Vgl. a) Oberholzer: Inl. in die Prin'. Opv., 230 - 257.

b) Langeveld: Kind en Religie, 52 - 57.

denheid van lewensopvattinge tot 'n drietal gereduseer het namate die verstand, die wil of die gevoel die bepalende faktor is.

So praat hy van die materialisties - naturalistiese stelsels met die verstand as die bepalende faktor, van die subjektief - idealistiese stelsels waar die wil die ander geestesfunksies oorheers en van die objektief - idealistiese stelsels waar die ²⁰⁾ gevoel die bepalende faktor is. Kohnstamm maak ook 'n driedelige indeling van alle lewensopvattinge, maar hy beweer dat die verskeidenheid berus op die grondhouding waarin die EK hom ten opsigte van die Oergrond van alles plaas. So kom hy tot sy lewensopvattinge wat hy tuisbring onder die ateïstiese grondhouding van heers - oor die werklikheid, die idealistiese grondhouding van opgaan - in en die teïstiese grondhouding van die ²¹⁾ Liefhê. In noue aansluiting by Kohnstamm onderskei Oberholzer tussen teïsties - georiënteerde, idealisties - georiënteerde, en ²²⁾ scientisties - georiënteerde lewensopvattinge.

Oor die breë linie gesien, wil dit vir skrywer hiervan voorkom of al die verskillende lewensopvattinge, na 'n sorgvuldige studie van al die indelinge, ingedeel kan word in twee groot uiteenlopende rigtinge naamlik teïstiese en humanistiese lewensfilosofieë. Al die rigtinge wat teosentries is, kan onder een dak tuisgebring word, terwyl al die rigtinge wat antroposentries is onder 'n ander groepering moet val. So 'n indeling is egter baie wyd wat dan beteken dat ook die Mohammedanisme, die Boeddhisme ens. by die teïstiese geskaar sal moet word. Om hierdie rede skyn 'n oplossing te wees om vir soverre dit die Westerse denke betref slegs te praat van Christelike en Nie-Christelike lewensfilosofieë. Sover as wat dit die Christelike betref, kan

- 20- Vgl. a) Erasmus: Die Personalisme van Kohnstamm, 71.
 b) Kohnstamm: Mens en Wereld, 186 - 189.
 c) Winkler Prins Encycl., Deel 13, 493.
 d) E.N.S.I.E., Deel I, 493 - 494.
 e) Dilthey: Gesammelte Schriften, Bd. v, 402 - 404.

- 21) Vgl. Kohnstamm: (i) Pers. in Wording, 96 - 105.
 (ii) Mens en Wereld, 186 - 191.
 (iii) E.N.S.I.E., Deel I, 493 - 497.

- 22) Vgl. Oberholzer, a.w., 179 - 257.

en moet weer onderskei word veral tussen die Rooms - Katolisisme en die Protestantisme, terwyl laasgenoemde ook weer vertak in die Anglikaanse, die Grieks - Ortodokse en die Calvinistiese rigtinge.

6. Objektiwiteit en Neutraliteit t.o.v. Lewensopvatting.

In 'n tesis soos hierdie waar ondersoek ingestel word na die religieuse oordeel by kinders is dit noodsaaklik dat die ondersoek so objektief moontlik moet wees, maar dit is verder ewe gebiedend noodsaaklik dat t.o.v. hierdie saak geen blote neutrale houding ingeneem kan word nie. Dit bly verder ook nog 'n ope vraag of alle objektiwiteit nie subjektief is nie. Die subjektiewe siening van die objektiwiteit kan nooit uitgeskakel word nie. Volkome objektiwiteit is onmoontlik, omdat die menslike gees nie in ooreenstemming daarmee is nie. Dr. Vlt Valentin sê in sy werk oor die wêreldgeskiedenis: „Keine Subjektivität²³⁾ war gefährlicher als die Illusion völliger Objektivität." Die gedagte word deur baie opvoedkundiges uitgespreek dat in ons skole die leerstof en dus ook Bybelse leerstof objektief, onbevooroordeeld en belangeloos moet wees. In ons land is so 'n beskouing ook nie vreemd nie. As ons aanvaar dat die mens in die diepste van sy wese uit vertroue en geloof lewe en dat 'n lewensopvatting 'n a - rasionele karakter het, dan moet ons aanvaar dat die uitgang van die lewe en dus ook van al ons werk en dus ook van ons wetenskapsbepoefening uit die mens se hart is. So sal die nie - Christen navorser sy gegewens onchristelik interpreteer, terwyl die Christen - wetenskaplike sy gegewens christelik sal interpreteer. Met sy hele lewe staan die mens in diens van Christus of in diens van die mens self. Om standpunt in te neem, is met mens - wees gegee. Hoe die opvoedkundige ook al probeer om objektief te wees, moet ons aanvaar dat hy nooit neutraal kan staan nie: „Elk wetenskaplik stelsel, dus ook elk paedagogiek,

.....

- 23) a) Scholtz, G.D: Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe 1888 - 1940, Voorwoord.
 b) Vgl. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 20.
 c) Vgl. Strauss: Christelike Wetenskap, 15.

rust op axioma's die self niet weer wetenschappelijk zijn." ²⁴⁾

Ook in hierdie verhandeling kan dus nie 'n suiwer objektiewe benadering gehandhaaf word nie, veral nie omdat die onderwerp van so aktuele belang is. Die grondhouding vanwaar uit die hele saak benader word, die objektiewe gegewens geïnterpreteer word en aanbevelinge gemaak word, is die van 'n Christelik-Reformatoriese en meer bepaald 'n Calvinistiese. Om hierdie rede moet ten slotte in hierdie hoofstuk die Christelike lewensvisie kortliks nagegaan word.

7. Die Christelik - Reformatoriese lewensvisie.

(a) Die Christelike waardebeskouing as synde 'n essensiële deel van 'n Christelike lewensfilosofie kan soos volg saamgevat word: Alle waardes word kragtens Godsopenbaring gegee en lê verspreid in die Heilige Skrif. Waardes is geen produkte van menslike ontwikkeling nie, maar het 'n geskape bestaan. ²⁵⁾ Die intrinsieke of geestelike waardes wat terwille van hulleself erken en gehoorsaam word, word hoër in rangorde van voorkeur geplaas as die relatiewe of instrumentele waardes waar die bruikbaarheidsmotief ten grondslag lê. Anders gestel: die religieuse, die sedelike, die estetiese en die waarheidswaardes soos heiligheid, goedheid, skoonheid en waarheid is hoër in waarde as die ekonomiese, sosiale, biologies-vitale en teoretiese waardes. ²⁶⁾ Genoemde geestelike waardes, met die religieuse as sentraliserende waarde, besit vir die Christen-gelowige 'n gehoorsaamheid-dwingende krag. Hierdie waardes spreek nie op eie of menslike gesag nie, maar op gesag van God as die Absolute. „Die werklikheid as draer van waardes vertolk God en openbaar Hom." ²⁷⁾ Die religieuse waardes by uitstek lê as sodanig beslag op alle lewensuitinge van die mens; trouens dit kleur die hele bestaan van die mens, dit bepaal sy wilsuitinge as synde verwerplik of

.....
24) Kohnstamm: Paedagogiek als Wetenschap, 5.

25) Vgl. Oberholzer, a.w., 153.

26) Vgl. Erasmus: Die Personalisme van Kohnstamm, 100.

27) Erasmus, a.w., 99.

lofliik, edel of gemeen. Hier bepaal die Goddelike Wil, terwyl die mens moet gehoorsaam. Die religieuse as sentraliserende waarde is afhanklik van God en as sodanig bepaal dit die rangplek van al die ander waardes. „De Bijbel..... is vol van de gedachte, dat God, als Persoon, in de relatie van Liefde tot Zijn wereld,....²⁸⁾bron en maatstaf is van alle waarden.”

In die opvoeding gaan dit om die verwesenliking van waardes in rangorde van voorkeur. Die Christen glo dat met sy menslike toedoen, sy opvoedkundige bemoeienisse en inspanninge hierdie geestelike en veral religieuse waardes verwesenlik kan word. Hy glo dat die mens deur sy doelbewuste arbeid verantwoordelikheid aanvaar om hierdie waardes aan die jonger generasie oor te dra, omdat die mens 'n opdrag het om uit te voer. Dit moet hy doen in vertroue dat hy ten goede deur God gelei sal word.

(b) Die Christelike mensbeskouing hou die nouste verband met voorgenoemde waardebeskouing. Die mens is dan ook hiervolgens by uitstek 'n religieuse wese.²⁹⁾ Mensebestaan staan in verband met die Christelike geloofsaanvaarding van die volgende vier grondwaarhede te wete skepping en sondeval, verlossing en eindverwachting.

(i) Skepping. God is die Skepper van alles wat bestaan: die mens, die dier en die hele plante en anorganiese ryk. Die mens wat na Sy beeld geskape is, is slegs mens in verhouding tot sy Skepper.³⁰⁾ Die mens heers oor die res van die skepping wat aan hom toevertrou en onderworpe is en waarvoor hy verantwoordelikheid dra. Die mens is dus medewerker van God en hy moet sy opdrag uit liefde teenoor God aanvaar en dit in gehoorsaamheid ten uitvoer bring. Die God - ewebeeldigheid besorg aan die mens sy uitsonderlikheid en unieke waardigheid. Hy alleen het 'n bestaanwyse en op hom alleen is van toepassing begrippe soos vryheid, goedheid, verantwoordelikheid e.s.m.. Alhoewel die mens sover

28) Kohnstamm: Personalistisch Socialisme, 12.

29) Vgl. Vollenhoven: Geschiedenis der Wijsbegeerte I, 17.

30) Vgl. a) Kohnstamm: Mensch en Wereld, 297 - 300.

b) Kohnstamm: De toekomstige taak der N.V.B; 7.

c) Keet: Ons Redelike Godsdiens, 110 - 113.

dit sy liggaamlike betref die verganklikheid van die benede - menslike in hom dra, is hy 'n geestelike wese by uitstek; hy het 'n trans-aardse bestemming.

(ii) Sondeval. Oorspronklik was die mens goed geskape na sy wesensnatuur, maar as gevolg van die ongehoorsaamheid van die eerste mensepaar, is die natuur van die mens sodanig bedorwe dat almal sedertien in sonde ontvang en gebore word en geneig is om God en sy medemens te haat. Deur hierdie menslike selfverheffing is die beeld van God in die mens verduister en setel die kwaad in die mens se hart. Dat God die mens goed gemaak het, sluit nie in dat hy onveranderlik goed was nie; die onveranderlikheid van goeie keuse moes langs die weg van persoonlike sedelike volharding verkry word, dan sou die mens langs sedelike weg daartoe gekom het as vrug van sy gehoorsaamheid. Ongelukkig het hy nie volhard nie, maar het hom laat verlei en die verkeerde rigting gekies. So het die sonde verderf gebring oor die hele mens; sy geregtigheid het skuld geword, sy heiligheid onreinheid, sy saligheid³¹⁾ ellende.

(iii) Verlossing. God het Sy geskape kinders nie as wese in die duisternis agtergelaat nie. Die sondaar- mens in sy gevalle staat is uit die sondebande verlos deur die soenverdienste van Jesus Christus wat die sondekloof, tussen Skepper en skepsel oorbrug het. Die weldade wat in die genadeverbond ons van Gods- weë geskenk word, kom tot ons deur die een Middelaar wat van ewig heid gekies is om God en mens nie alleen te verenig nie, maar ook te versoen. Tereg sê Augustinus: "In Christus is weer verbinding³²⁾ moegelyk tusschen God en mensch." Die feit dat God vandag nog aan die mens in sy gevalle staat 'n taak opdra, is 'n bewys van die genade van God en Sy ewige barmhartigheid.

(iv) Eindverwagting. Die mens lewe uit hoop en vertroue dat die wêreld en die mens wat eenmaal goed was, uiteindelik weer

31) Vgl. Keet: Ons Redelike Godsdiens, 121.

32) Vgl. a) Keet, a.w; 140.

b) Gecrsheide: Christelike Encyclopaedie, 195.

goed sal word. Die doen en late van die mens waarmee hy sy geskiedenis skrywe, wys in die rigting van die eindverwagting se uiteindelijke vreugde en vrede.

Die mens se aardsbestaan is egter nie 'n blote afwagterende bestaan nie, dit is 'n geroepe bestaanwyse omdat die mens pligte het om te vervul. As sedelik - denkende wese moet hy handel, hy moet ingryp in die bestaande, hy moet werk en woeker, kies en besluit en vir sy besluite verantwoordelikheid dra. "Hij is, en hij weet en hij wil."³³⁾ Die mens se bestaan is geen noodlotsbestaan nie, maar 'n verantwoordelike bestaan afhanklik van die Bron van alle Lig. Hy soek na 'n vastrapplek en hy kry dit eers wanneer hy weet dat hy rus in die skoot van die Ewige Liefde.³⁴⁾ Hy is bewus van sy eindigheid, nietigheid, sondigheid en aardsheid, maar ook van sy moontlikhede. Deur sy handeling druk hy sy stempel op die wêreld af waar hy bouend en brekend arbeid aan die eventuele verandering van die bestaande, maar altyd onder die hoop en verwagting dat hy deur Gods leiding die regte dinge sal doen.

(c) Die Christelike sedeleer leer dat die mens die enigste sedelike wese is omdat hy alleen kan wil, kies, besluit, handel en oordele vel, omdat hy 'n sedelike bewussyn en 'n gewete besit. Die voorwerp van die sedelike oordeel is die oorsaak van die wilshandeling, die motief van die hart soos blyk uit die karaktergesindheid. Die maatstaf of norm vir goeie of slegte gedrag is die Woord van God en Sy Gebooie. God roep die mens tot goedheid en eis van hom gehoorsaamheid aan Sy gebooie. Hy spreek die mens aan deur Sy Woord. Die mens moet luister en gehoorsaam - hy moet God liefhê en sy naaste soos homself. Die goeie word beskou as dit wat God eis, gehoorsaam word, terwyl die verkeerde gesien word as dit wat teen die wil van God gedoen word. God word beskou as die Bron van alle moraliteit; geloof in God en die etiese leerstellinge van Christus is die waarborg vir die morele daad

.....

33) Vgl. Grossheide, a.w.; 195.

34) Vgl. Oberholzer, a.w., 144 - 145.

en die aansporing tot 'n goeie lewenswyse: etiese motiewe, sosiale geregtigheid, liefdadigheid, liefdevolle, vriendelikheid, naasteliefde, eerbied en respek vir die medemens, eerlikheid en waarheidsliewendheid, nederigheid, pligsgetrouheid en vrede en welwillendheid onder mense en nasies. Alleen hy wat Gods Gebooie hou omdat hy God liefhet met sy hele hart en met sy hele verstand, hy het die ware sedelikheid die ware vryheid, die goeie karakter.

(d) Die Christelike waarheidbeskouing is dat die enigste absolute waarheid slegs in God setel. Die feitelike, nuwe, wetenskaplike en logies - bewysbare kennis wat die mens op humane vlak kan bereik deur waarneming, sistematisering, eksperimentering, kontrolering en bepeinsing, is slegs menslik gesproke waar en kan nooit op algemeen - geldigheid aanspraak maak nie. Die volle waarheid gaan die verstand van die eindige mens te bowe. Dit bestaan onafhanklik van mense denke, wete en kennis op humane vlak. Hierdie hoëre of absolute waarheid het geen bloot menslike sintuiglike waarneming en deurdenking as basis nie, maar berus op 'n eerbiedige, liefdevolle aanvaarding van en geloof in God, die Bron van alle waarheid, goedheid, skoonheid en heiligheid - dit berus op geloof as 'n vertrouensaangeleentheid. Die mens in sy gebroke staat interpreteer Gods waarheid slegs volgens persoonlike insig en oortuiging wat ten nouste saamhang met sy lewensopvatting. Die kriterium vir alle waarheid lê opgesluit in die Woord van God, Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe. "De Waarheid Gods, vlees geworden in Jesus Christus, is een andere en diepere dan die aristotelisch - scholastieke omskryfing van Waarheid, dat ze nl. bestaat eenvoudig in ooreenstemming van onze geest met de zaak." In Christus is dan ook die volle waarheid te vind, nie as 'n leer nie, maar as Persoon in Wie alle Waarheid Sotel. Wie Christus in hierdie

35) Vgl. a) Erasmus, a.w., 79.

b) Kohnstamm: Het Waarheidsprobleem, 93.

36) Vgl. Van der Bruggen J.J.L.: Getuigen van Christus, 19.

37) Vgl. de Wilde: Kohnstamm en het Personalisme, in Alg. Ned. Tijdsch. voor Wijsb. en Psych., Afl. 3, Febr. 1952, 112.

lig aanneem; doen 'n lewenskeuse en verrig 'n geloofsdaad. Vir die Christen-gelowige is hierdie waarheid wat is, dieselfde waarheid wat a'tyd was en wat tot in ewigheid sal wees. Hierdie waarheid wat bely en geglo word, eis van die mens gehoorsaamheid en onderworpenheid en wat meer is: dit eis dat hierdie waarheid die rigsnoer moet wees vir sowel die huidige as die toekomstige handeling van die mens op die aarde.

Hierdie Christelik-Reformatoriese lewensvisie ten opsigte van die mens as sedelike wese en sy verbondenheid met religieuse waardes en sy aanvaarding van die Goddelike waarheid, vorm die rig - en meetsnoere van elke lewensuiting van die mens. Die ware Christelike sosialiteit van naasteliefde, die estetiese, die intellektuele, die emosionele en ook die biologies - vitale aspekte van die menslike persoonlikheid moet gesien word in die lig van die voorskrifte van Gods Woord. Die hele mens met al sy lewensuitinge staan onder die Wet, want alles wat die mens doen, moet tot verheerliking van God wees.

Teen die agtergrond van hierdie beknopte Christelike lewensbeskouing, moet nou in die volgende hoofstuk nog kortliks die aandag geskenk word aan die wese en die maatstaf van die religieuse oordeel.

H O O F S T U K II

DIE RELIGIEÛSE OORDEEL

Die christen-opvoeder glo dat die religieuse waardes deur die toedoen van die mens as instrument van God verwesenlik kan word. Die opvoeding gee deurgaans blyke dat 'n laat-maar-begaan-houding nie geldig en toelaatbaar is nie. Die mens is medeverantwoordelik vir sy eie toekoms, aangesien die menslike wil waarin die handeling tot waardeverwesenliking gefundeerd is, in wese vry is. Die sin van hierdie studie rus dan ook daarin dat ons van die oortuiging uitgaan dat waardes as die doeleindes van die opvoeding wel verwesenlikbaar is. 'n Onderzoek na die religieuse oordeel om vas te stel in hoeverre die religieuse doelstellinge verwesenlik word, hou dus tred met die werklikheid en is daarom geregverdig soos sal blyk uit die vrae¹⁾ en antwoorde van die proefpersone. In hierdie studie gaan dit dus oor die mens as religieuse wese met die religieuse as die opperste waarde- oordeel.

Die hele wese, doel en inhoud van die opvoeding soos gesien vanuit 'n christelike standpunt word bepaal deur ons religie. Hy wat aan God glo, sien die opvoeding van die kind gans anders as hy wat nie in die bestaan van die Almagtige glo²⁾ nie. Die christen-opvoeder moet hom noodsaaklikerwyse 'n heldere denkbeeld van die religie vorm. Vir hierdie studie is dan ook essensieel 'n nadere omskrywing van die christelike religie.

1. Religie en godsdiens:

Ons verkies die woord „religie” bo die woord „godsdiens” aangesien „religie” 'n veel wyer begrip insluit. Die woord „godsdiens,” suiwer letterlik vertolk, beteken slegs die diens van God, terwyl „die religie” in sy ruimste sin insluit die diens van God asook godskennis en godsvrug wat die

fondament van die diens van God is. Ware diens van God is

- 1) Volledige besonderhede in Hoofstuk III van hierdie studie.
- 2) Vgl. De Hovre: *Teologiese Wijsbegeerte*, 5.

alleen moontlik as ons God eers ken, want sonder kennis van die Almagtige sou ons Hom nie kan eer of vrees nie. Die „religie” word deurgaans in hierdie studie gebruik vir die kennis, die 3) vrese en die diens van die Here.

2. Die Wese, Setel en Oorsprong van die Religie.

(a) Die Wese:

Die religie is in sy wese die betrekking tussen die mens as sterflike, eindige, onmagtige en afhanklike wese en God as onsterflike, oneindige, magtige en onafhanklike Wese. Die mens voel homself afhanklik van God en daarom is God vir die mens 'n Persoon, 'n Lewende Werklikheid. Die religieuse betrekking is 'n spesifieke verhouding waarin die mens hom voel staan teenoor 'n hoër Mag wat beskik oor lewe en dood, wat sy lot op elke terrein van die lewe vir tyd en ewigheid bepaal. Die Calvinisme en derhalwe ook die Skrifmatige wysbegeerte beskou die religie as 'n **verbond** wat God met die mens opgerig het en wat aan die menslike geslag ook alreeds voor die sondeval bekend was deur die Woordopenbarings, 'n verbond waarin God tot die mens spreek en die mens 4) tot God mag spreek. Die Skrif self onderskei in die religieuse verhouding twee aspekte naamlik die objektiewe en die subjektiewe.

Die objektiewe is die openbaring van God aan die mens en bestaan in die **verbond** wat God aan Sy volk gegee het en vasgelê is in die verordeninge van God. Die religie is dus 'n goddelike instelling en sonder openbaring is daar geen religie moontlik nie. Die religie is dan nie bloot skepping van menslike denke en religieuse gesindheid nie, maar veronderstel steeds in die eerste instansie 'n openbaring van Wie God is en hoe Hy geken, gevrees en gedien wil word. Die christelike religie is nie die uiting en vorm van 'n religieuse gesindheid 5) nie, maar is 'n vrug van die openbaring.

.....

3) Vgl. Coetzee: Inl. tot die Alg. Teor. Opvk., 148-150.

4) Vgl. (a) Coetzee, a.w., 149.

(b) Vollenhoven: Het calvinisme en die reformatie van die wijsbegeerte, 21.

5) Vgl. Coetzee, a.w., 150.

Die subjektiewe religie daarenteen is die innerlike gesindheid en houding van die mens teenoor God en Sy verordeninge. Die subjektiewe religie is absoluut gegrond op die objektiewe. God openbaar Hom aan die mens as Skepper en leer die mens dat hy slegs skepsel, onderdaan, die relatiewe is. God openbaar Hom egter ook as die Regverdige, Genadige en Barmhartige en leer die sondige mens om Hom te nader en te dien. Die volslae afhankelijkheid en onderworpenheid van die mens skakel volgens christelike beskouing die vryheid egter nie uit nie, want die mens is deur ⁶⁾ God geskape as redelike, sedelike wese.

(b) Die Setel:

Die religie betrek die hele mens en is nie beperk tot een of ander van die mens se vermoëns nie. God eis die hele mens op; siel, liggaam, verstand, gevoel en wil moet geheel en al aan Hom gewy word. Die religie kan nie met 'n subjeksfunksie vervang word nie, al is hierdie funksie ook die pisteutiese; die hele mens is in hierdie verbond betrokke en nie slegs een van sy funksies nie. ⁷⁾ Daar is 'n orde in ons verhouding tot God. Eerstens die kennis, want ware godsvrug en godsdienis sonder die ware kennis is nie moontlik nie. Hierdie studie gaan dan juis om vas te stel in hoeverre hierdie ware kennis in ons skoolopvoeding by ⁸⁾ die kind tuisgebring word. Die kennis dring deur tot in die hart waaruit ⁹⁾ "die uitgange van die lewe is." Deur die hart werk dit weer op die wil en die geloof uit hom in die liefde en werke. Hoof, hart en hand word almal gelyk, maar elk op ¹⁰⁾ sy eie manier opgeroep in die religieuse verhouding. Die religie as die mens se diepste verhouding tot God, beslis ook die verhouding van die mens tot al die ander skepsele. Daarom val daar niks in die lewe van die mens buite die religie nie.

.....

6) Vgl. Popma: Inl. in die Wijsbegerte, 102-109.

7) Vgl. Taljaard: Die mens, die liefde en die sedelike, Koers, Junie 1956, 299.

8) Vgl. Vraelys in Hfst. III van hierdie studie.

9) Vgl. (a) Spreuke 4:23.

(b) Strauss: Christelike Wetenskap, 9-10.

10) Vgl. Coetzee, a.w., 151.

Dit is die grondslag van alle lewenswaardes en bring daarom eenheid in die lewe van die mens. Wetenskap, kuns en sedelikheid vind in die religie hul oorsprong, wese en bestemming.¹¹⁾

„Deur Christus in die hart gegryp, kom die lewensuitgange almal onder leiding van die christelike beginsels, en dan gedy die oes van die christelike godsdiens, die christelike moraal, die christelike politiek, die christelike kuns en die christelike wetenskap onder meer - oor die ganse oesland dus die volle wasdom van 'n lewe in Christus.“¹²⁾ Dit wil nou nie sê dat die religie nie sy eie selfstandigheid teenoor die menslike kultuur handhaaf nie. Trouens ons kan die religie met niks anders in die mens se lewe gelykstel nie. Dit is totaal en sentraal, terwyl die wetenskap, sedelikheid en kuns parsieel en periferies is. Die religie het as doelstelling die ewige saligheid in gemeenskap met God, terwyl die kuns, wetenskap en sedelikheid beoog om die aardse lewe te verryk. Sonder die religie kan die mens nie lewe nie, want dan verlaat hy God om Mammon te dien.

(c) Die Oorsprong:

Dit is geleë in die openbaring van God, in die verbond wat God in Sy genade met die mens opgerig het. Die openbaring is verder sodanig dat dit nie vreemd aan die menslike natuur is nie. God het die mens na Sy beeld geskape en daarom word hy nie deur opvoeding 'n religieuse wese nie, maar is hy dit van sy skepping af. Dit is hierdie Godskennis wat Calvyn reeds by die kleinkind veronderstel. Dit is 'n intuitiewe wete sonder nog te kan dink.¹³⁾ In kort: die mens is 'n religieuse wese. Die potensialiteit tot die ware kennis van God is daar en die vraag is nou in hoeverre daardie potensialiteit deur ons opvoeding ontwikkel word. Dit bring ons midde in die religieuse oordeel wat nou nader omskryf sal word.

.....

11) Vgl. Erasmus: Die personalisme van Kohnstamm, 100.

12) Strauss, a.w., 9-10.

13) Vgl. (a) Coetzee, a.w., 152.

(b) Vollenhoven, a.w., 17.

(c) Paragraaf 7 (b) van Hfst. I van hierdie studie.

3. Die wese van die religieuse oordeel:

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die religie iets eiesoortig is wat hom onderskei van kuns, sedelikheid en wetenskap. Dit berus op 'n openbaring van God; dit veronderstel die bestaan en kenbaarheid van God waarsonder geen christelike godsdiens en opvoeding moontlik is nie. Dit veronderstel dat die mens oor 'n besondere vermoë moet beskik om die openbaring van God te kan ontvang naamlik dat God die mens na Sy beeld geskape het.

Die religieuse oordeel is nou ~~verbonde~~ aan die kwessie van geloof. Kennis van God, van Christus en van die Heilige Gees, om enkele aspekte van die christelike religie te vermeld, berus nie op verstandelike bewyse nie. So is daar genoegsame besware teen die sogenaamde bewyse vir die bestaan van God: Van die natuurlike is daar geen redelike weg na die bonatuurlike nie; verder mag ons nie uit die oog verloor nie dat die mens in sonde ontvang en gebore is en daarom is dit dubbel onmoontlik vir die mens om met sy sondige, dit wil sê natuurlike rede die Goddelikheid te begryp.¹⁴⁾ Die Skrif eis gehoorsaamheid en onderwerp hom nie aan die goed - of afkeuring van die menslike rede nie. Die religieuse oordeel kan dan ook nie van resultate op wetenskaplike gebied bereik afhanklik gemaak word nie. Die mens het sekerheid nodig in sy lewe en strewe en kan daarom nie van teoretiese of twyfelagtige waarhede leef nie.

Die religieuse oordeel is ook nie van filosofiese insig afhanklik nie. Dit is nie nodig om die waarheid van sy uiterlike en simboliese omhulsel soos dit in die dogma verskyn los te maak om die dieperliggende idee daaragter te ontrafel en 'n oordeel te vel nie. Die Christendom kan trouens nie tot 'n filosofiese sisteem gereduseer word nie. Dit is in stryd met die werklikheid om die hele inhoud van die Woord uit 'n filosofiese idee te wil aflei. Die Christendom is nie net 'n pragtige gedagtesisteem nie, maar wel die verkondiging van die Genadewil

14) Vgl. Keet: Ons Redelike Godsdiens, 49-50.

van God wat nie filosofies verklaar kan word nie, maar alleen deur die geloof. Die geleerdste sowel as die onkundigste gelowige kan die standpunt van die gesag van Gods Woord nie te bowe kom nie; as God spreek het, dan kan ons alleen deur die geloof hoor of glad nie hoor nie.¹⁵⁾ Indien die christelike religie van die filosofie afhanklik sou wees, sou dit ook vir die religieuse oordeel gegeld het. Dan sou die religie en daarom ook die religieuse oordeel vir weinig volwassenes laat staan nóg vir kinders toeganklik gewees het. Trouens só gesien, sou daar geen sin in hierdie studie gewees het nie, want filosofiese insig is nog nie by die ag- tot twaalfjarige kind aanwesig nie. Die religieuse oordeel kan dus nie van die filosofie afhanklik gemaak word nie.

Die religieuse oordeel hang egter saam met die godsdienstige ervaring van die mens. Tiperend in hierdie verband is Sydney Mellone: "No one is entirely without this God consciousness, it is the interpretation of an experience; so that the experience may be expressed in a more true or mistaken form, and also may itself vary in experience."¹⁶⁾ Hoe groter die religieuse ervaring hoe sterker is die geloof en hoe dieper gaan die insig in die kennis van die ware God. Die plek van die religieuse ervaring in die religieuse oordeel moet egter duidelik bepaal en omskryf word.

Enkel deur godsdienstige ervaring soos die wedergeboorte en die christelike lewe self kan die hele inhoud van die christelike religie soos sonde en geregtigheid, die persoonlike bestaan van die Drieënige God en die versoening wat deur die Godmens gebring word, nie afgelei word nie. Dit is dan ook moeilik te begryp hoe die ervaring van die wedergeboorte en bekering sonder die objektiewe heilswaarhede kan bestaan en hoe die vrugte van sodanige ervaring tot volle rypwording kan kom.

.....

15) Keet, a.w., 51.

16) Mellone: Leaders of Religious Thought, 148.

Trouens liefde en diens sonder kennis van en geloof in die ware God is onmoontlik, selfs gevaarlik, want die heiden wat geen kennis van en geloof in die ware God het nie, het ook lief en dien ook, maar dit is nie die ware liefde en diens nie. ¹⁷⁾ Die ¹⁸⁾ ervarings gaan nooit die geloof vooraf nie, maar volg daarop. Daarom kan hulle nie die grond van die geloof wees nie, hulle is eerder die vrug daarvan. Eers kom die daad van God en daarop volg die antwoord van die mens. Pragtig word hierdie waarheid illustreer in die Twaalf Artikels van die algemene christelike geloof. "Ek glo," kan nie deur "Ek ervaar," vervang word nie. Ons kan die krag daarvan ervaar, maar as feite ervaar ons hulle alleen deur die geloof. Die geestelike interpretasie van dié feite en die geloof in dié feite vertolk die religieuse oordeel.

Die geestelike interpretasie van die Heilsfeite is die waarde wat elke mens persoonlik daaraan toeken. Die religieuse oordeel weerspieël dan ook die persoonlike verhouding van elke mens tot die religieuse waardes as die opperste waardes. Volgens die uitspraak van Hessen naamlik dat, "die höchsten Wirte sind die Wirte des Heiligen oder die religiösen Wirte, weil alle übrigen Wirte in ihnen fundiert sind," is dit duidelik ¹⁹⁾ hoe suiwer sy oordeel oor die religie is.

Die religieuse oordeel is ook afhanklik van die wil van die mens. De godsdienst is een deugd. In het hart van ²⁰⁾ de wil self vindt het godsdienstig gevoel zijn oorsprong." Soos ons reeds gesien het, is geloof 'n belangrike onderdeel van die religieuse oordeel: Om te glo in die geestelike en religieuse kennis wat die mens opdoen, hang van elke mens self af. God het die mens 'n redelike wese gemaak en dus vry om te

.....

17) Vgl. Coetzee, a.w., 95.

18) Vgl. Keet, a.w., 52.

19) Hessen: Lehrbuch der Philosophie, 75.

20) Langeveld: Kind en Religie, 95.

glo of te ignoreer wat hy hoor en leer. Die geloof is as funksie by alle mense aanwesig, maar gee slegs by sommige ag op die Woord van God. By die nie - Christene staan die geloof in 'n antiverhouding tot God en Sy Woord en die ongelowiges leef en sterf by die produk van die eie kultuur. Hy wat nie in die ware kennis van God wil glo nie, doen dit omdat hy geen waarde daaraan heg nie en kan as sodanig geen religieuse oordeel vel nie. Die religieuse oordeel is dus in kort die waarde wat die mens heg aan die noodsaaklikheid van die ware kennis van God soos geopenbaar in die Heilige Skrif.

4. Die maatstaf van die religieuse oordeel:

Dit is nie 'n mensgemaakte of menslik gereduseerde norm nie, maar die Woord van God self. Die vraag ontstaan waarop die Skrif die vertrouwe verdien om as die waarheid van God en dus as norm van die religieuse oordeel aanvaar te word.

Daar is denkers wat die Woord uit 'n eties-psigologiese oogpunt wil verklaar: Die christelike godsdiens waarvan in die Skrif getuig word, bevredig die etiese behoefte van die mens volkome. Sodanige denkers aanvaar die Skrif omdat dit 'n voortreflike sedelike ideaal verkondig. Hulle meen dat dit dan onnodig sal wees om oor metafisiese vraagstukke wat tog nie waargeneem kan word nie, te oordeel. Al wat dan nodig is, is om die sedelike waarde daarvan te bepaal, aangesien die christelike godsdiens sy voortreflikheid bo all godsdiensleer bewys deur die sedelike voortreflikheid van sy leer. Hoe voortreflik hierdie teorie ook is, kan dit nie as eerste grondslag vir die Goddelikheid van die Skrif aanvaar word nie. Trouens die sedelike krag van die christelike godsdiens kan nie beseef word as daar nie in die werklike bestaan van sy objektiewe inhoud geglo word nie. Tereg sê Keet: „So sal alle geloof in die sedelike grootheid van Christus, as dit losgemaak word van Sy Persoon, geen christelike geloof meer wees nie. Hy het tog nie alleen 'n sedelike ideaal verkondig nie, maar ook

21)

verlossingsdade verrig." Die grootse beswaar teen die eties-psigologiese verklaring is dat dit skeiding maak tussen ons en ons geloof. As ons godsdiensoortuiging slegs van die hart en gewete afhanklik sou wees, dan beteken dit dat ons verstand iets heeltemal anders kan dink, terwyl ons hart die christelike ideaal bely. So 'n dualisme in die menslike lewe is nie moontlik nie. Dit is eers as iets deur die bewussyn vasstaan dat ons dit sedelik en andersins kan waardeer.

Daar is geen nader bron vir ons kennis van die Evangelie as die Skrif self nie. Vir die verklaring van die wyse waarop ons die openbaring deelagtig word, is ons ook op die Skrif aangewys. Dit wil egter nou nie sê dat ons altyd bewus is van die wyse waarop dit geskied nie. Die feit dat ons kan sien, is tog nie afhanklik van die voorwaarde dat ons kan sê hoe die daad plaasvind nie. Op die vraag hoe ons weet dat die Heilige Skrif die waarheid is, sal die heel eenvoudigste antwoord wees soos deur Keet aangehaal: "Omdat die Evangelie waarvan die Skrif getuig hom direk en onmiddellik sonder enige ander grond, as sodanig by ons aanbeveel, deur die onmiddellike erkenning van ons persoon of ek dat dit die waarheid van God is vir ons menslike, sondige bestaan." Hierdie persoonlike belydenis wat

22)

beslis nie bloot 'n verstandsaak is nie, maar ons hele wese betrek, noem ons die geloof in 'n godsdienstige sin. Ons aanvaar die Woord as van Godgegewe uit geloof, 'n geloof as van Godgegewe aangesien die Heilige Gees ons nie alleen oortuig van ons kindskap nie, maar ook verseker Hy ons van die waarheid wat bokant ons ervaring uitgaan. As ons nie versekerd was dat die Skrif die Woord van God is nie, sal ons die geloof moet prysgee, ons kindskap en verlossing moet verloën en daarmee die hele Christelike religie waarsonder religieuse oordeel onmoontlik is. Die maatstaf van die religieuse oordeel net soos vir die religieuse doelstellinge van die christelike opvoeding

.....

21) Keet: a.w., 53.

22) Keet, a.w., 55.

kan met alle reg daarop aanspraak maak dat dit bo alle menslike kritiek verhewe is. Die enigste bron vir die ware kennis van God is Sy Woord. Hierdie Woord is dan ook die sentrale uitgangspunt van die christelike reformatoriese opvoeding. Dit is die maatstaf om te bepaal of die religieuse oordeel juis of onjuis, suiwer of onsuiver is.

5. Die juistheid en suiwerheid van die religieuse oordeel:

Juistheid van beoordeling beteken om 'n korrekte ²³⁾ voorstelling van die karakter van die bepaalde onderwerp te hê. Die religieuse oordeel is juis as dit ooreenkom met die voorstelling daarvan soos in die Skrif vervat.

Die kind se voorstelling van God is alleen juis as dit ooreenstem met die getuienis van die Skrif: Niemand het God ooit gesien nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, Die het Hom verklaar naamlik dat God liefde is. God woon in die hemel, 'n ontoeganklike lig, maar Hy woon ook by hulle wat gebroke van hart is; Hy is alomteenwoordig en onderhou die heelal en regeer oor alles en almal en is van ewigheid tot ewigheid. ²⁴⁾

Die kind se voorstelling van Christus moet om juis te wees, ooreenstem met die Skrif van God: Hy is die Seun van God, een met die Vader. Na Sy liggaam is Hy in die hemel en na Sy Gees woon Hy in ons en bly met ons tot die voleinding toe. Hy sit aan die Regterhand van God vanwaar Hy Sy gemeente regeer, vir hulle bid en aan hulle vergewing van sondes, wederopstanding van die vlees en 'n ewige lewe skenk. Hy het na die aarde gekom om te soek en te red wat verlore is en om die weg na die Vaderhuis weer te baan. Deur Sy hemelvaart het Hy die weg gebaan vir die Heilige Gees om in die harte van die gelowiges ²⁵⁾ te woon.

.....

23) Vgl. Coetzee: Die Ontw. van die Sedelike Oordeel, 56.

24) Vgl. (a) Keet, a.w., 66-82.

(b) Vraelys, vraag 1 tot 4 in hoofstuk III.

25) Vgl. (a) Vraag 5-10 van die vraelys.

(b) Keet, a.w., 140-160.

Ook die kind se kennis van die gebed moet om juis van oordeel te wees, beantwoord aan die voorstelling wat God in Sy Woord daaraan gee: Die mens bid om sy onmag te bely en 'n beroep op Gods Almag te maak. Die mens aanbid God die Vader. Die Heilige Gees wek die begeerte in die hart van die gelowige om deur Christus as die nuwe en lewende weg met God in aanraking te kom. Nie altyd word die gebed verhoor nie, want baie gebede is met selfsug besmet en nie in harmonie met die wil God nie.²⁶⁾

Die kind se oordeel oor wat sonde is, is alleen juis as hy die sonde sien as alles wat in stryd met die wil van God soos geopenbaar in Sy Woord en Wet is. Deur die Wet is die kennis van die sonde.²⁷⁾

Die mens is volgens die Skrif geskape deur God na Sy beeld en as hy sterf dan is hy na sy liggaam in die graf tot die wederopstanding, na sy gees is hy by God mits hy in die bloed van die Lam gewas is en Christus as sy persoonlike Verlosser en Saligmaker omhels het. Alleen as die oorsprong en bestemming van die mens só gesien word, weerspieël dit 'n juiste insig.²⁸⁾

Die doel van die erediens moet gesien word as 'n geleentheid om meer van God te leer, om die geloof te versterk en om openlik vir God te getuig. God is 'n God van orde en eis daarom 'n goeie en stemming van wyding dwarsdeur die erediens. So moet ook die Sabbat gesien word as 'n rusdag deur God ingestel wat dan ook tot Sy eer en in Sy diens gebruik moet word. Die sakrament van die doop wat aan die klein bedien word, moet hy verstaan as goed en reg omdat dit 'n instelling van Christus is en omdat die kind saam met die volwassene in die verbond van God ingesluit is, want net soos daar 'n gemeenskap is van sonde en ellende, so is daar ook 'n gemeenskap van genade."²⁹⁾

.....

26) Vgl. Vraag 11-13 van die vraelys.

27) Vgl. Vraag 14-15.

28) Vgl. (a) Vraag 16-18 van die vraelys.
(b) Keet, a.w., 110-113.

29) Vgl. (a) Vraag 19-23 van die vraelys.
(b) Keet, a.w., 205.

In kort: Die religieuse oordeel by kinders is juis as dit in wese ooreenstem met die voorstelling aangaande God, Christus, die Heilige Gees, die gebed, die sonde, die oorsprong en bestemming van die mens, die geestelike samekomste en die krag van Sy Woord soos dit in die Heilige Skrif openbaar word. Wanneer kinderlike onkunde en gebrek aan ervaring die insig belemmer, sodat sy voorstelling afwyk van die openbaring van die Skrif dan is die oordeel onjuis.

Die suiwerheid van die oordeel het betrekking op die maatstawwe van beoordeling. Die religieuse oordeel se maatstaf is die Skrif self en as sodanig onaantasbaar. Die kind is tot 'n groot mate op die volwassene aangewys vir sy vertolking van die Woord, maar in die eerste plek vir sy kennismaking met daardie Woord d.w.s. met die maatstaf van die religieuse oordeel.

Onsuiwere religieuse oordele is te wyte aan 'n gebrekkige kennis van die Skrif, want geen interpretasie kan suiwer wees as dit nie gegrond is op 'n grondige kennis van alle aspekte van die betrokke saak nie. Onsuiwere religieuse oordeel is ook te wyte aan 'n gebrekkige geloof. Dit help nie dat die mens elke tittel en jota van die maatstaf van beoordeling naamlik die Heilige Skrif in die geval van die religieuse oordeel ken as hy geen waarde aan daardie kennis heg nie. Vir 'n suiwer religieuse oordeel is nodig 'n grondige kennis van die Woord van God, 'n vaste geloof in daardie kennis en die korrekte interpretasie van daardie kennis wanneer Sy Gees saam met ons gees getuig. God het die mens na Sy beeld geskape en dit dus vir die mens moontlik gemaak om Hom deur Sy Gees te leer ken. Tereg sê Mellone:

"On the basis of this direct experience our intelligence works as it were by a reconstitutive vision, interpreting it, and so producing ideas about God and about things Divine."³¹⁾ Deur Sy

Gees word ons gees gerekonstrueer om God te leer ken en 'n suiwer

.....

30) Vgl. Coetzee, a.w., 56.

31) Mellone: Religious Thought, 148.

en juiste oordeel in soverre dit op aarde moontlik is oor die Goddelikheid en al die aanverwante aspekte daarvan te vel. Dit illustreer treffend die waarheid dat godsdiens nie bloot 'n kennis van Bybelse en Kategetiese feite is nie. Tereg sê Wilson dat die doel van godsdiensonderwys is om die kinders daartoe te bring om ³²⁾ 'n godsdienstige houding teenoor die lewe in te neem.

Die mens is in sy wese 'n religieuse wese met die hoogste waarde die suiwer oordeel van die ware kennis van God om sodoende die hoogste doelstelling naamlik alles tot die eer van God opreg na te streef en 'n lewende werklikheid te maak.

In die volgende hoofstuk gaan dit dan ook oor die eie ondersoek en bevindinge om te bepaal in hoeverre die hoogste waarde as synde die ware kennis van God deur ons laerskoolonderwys verwesenlik word.

.....

32) Vgl. Wilson: De Ziel van het kind in haar godsdienstige ontplooiing, vertaal deur Kuiper, 2.

HOOFSTUK IIIONTLEDING EN BEVINDINGE VAN DIE EIE ONDERSOEK.1. Ontleding van die eie ondersoek:

Alvorens tot die bevindinge van die ondersoek oorgegaan kan word, is dit wenslik om kortliks 'n uiteensetting van die proefpersone in die ondersoek, die metode van die ondersoek, die vraelys en die kriterium gebruik in die ondersoek, te gee.

(a) Die Proefpersone:

Laat ons nagaan uit watter milieu die proefpersone wat in die ondersoek gebruik is, kom. Die proefpersone is almal woonagtig in Bloemfontein en op die oog almal „stadskinders“. Ons moet egter verduidelik dat die begrip „stadskind“ nie hier dieselfde betekenis as „die“ stadskind“ van Amerikaanse stede of selfs die Rand vertolk nie. Bloemfontein, soos die meeste Suid-Afrikaanse stede vertoon nog die kenmerke van die platteland. Daarby moet in gedagte gehou word dat verreweg die grootste persentasie van geestelike leërs en onderwysers in ons stede en in Bloemfontein in besonder, vandag nog uit die platteland afkomstig is. Daar is dus weinig indien enige verskil tussen die besondere agtergrond van die proefpersone en die van die grootste persentasie Afrikaanse seuns en dogters van ons land.

Die vrae is beantwoord deur driehonderd kinders uit vier verskillende Bloemfonteinse skole. Daar was sestig kinders van elke ouderdomsgroep van ag tot twaalf jaar. Daar was honderd twee-en-vyftig seuns en honderd ag-en-veertig dogters. Hulle was almal Afrikaans-sprekend en afkomstig van ouers van Christelik-Protestantse oortuiging. Op die vraag: „Hou julle huisgodsdienst?“, het 70 persent van die proefpersone bevestigend geantwoord, terwyl 100 persent bevestig het dat hulle die Sondag-skool besoek. Met behulp van die klasonderwysers is vasgestel dat al die proefpersone aan een van die drie erkende Hollands-Afrikaanse kerke hier te lande behoort en dat byna tagtig persent ten minste een kerkdiens per Sondag bywoon. Die proefpersone ontvang almal onderwys aan erkende Christelik-Protestantse skole waar elke dag in die naam van God begin word en dwarsdeur die

onderwys 'n sterk godsdienstige inslag weerspieël word. Die proefpersone om op te som, groei dus op in 'n sterk godsdienstige atmosfeer. Geen besondere I.K.-groep is spesifiek gebruik nie, maar bloot die verstandelik normale en liggaamlik gesonde kind.

(b) Die Metode van Onderzoek:

Aan alle ouderdomsgroepe is dieselfde vrae gegee. Die vrae is skriftelik gestel en deur die proefpersone tussen die ouderdomme nege tot twaalf jaar skriftelik beantwoord onder leiding van die klasonderwyser by wie hulle hul Bybelse onderrig ontvang en aan wie hulle gewoond is om hul intiemste gedagtes te openbaar. Die vrae is in die gewone loop van sake gegee en geen kind het geweet dat met die vrae en hul antwoorde daarop 'n ander doel as die van 'n gewone klastoets beoog word, en dat die antwoorde aan 'n buitestaander getoon sou word nie. So is dus probeer om antwoorde te kry wat verteenwoordigend en weerspiegellend is van die gedagtes van die kinders aangaande die betrokke vraagstukke. Voldoende tyd is aan elke kind gegee om die vrae so volledig moontlik en na die beste van sy vermoë te beantwoord. Die vrae is op verskillende tye gestel om vermoeidheid en verveling te voorkom. Die antwoorde is sorgvuldig gekontroleer vir geslag en ouderdom in die geval van elke kind. Wat die ag-jariges betref, is dieselfde prosedure gevolg behalwe dat aangesien op genoemde ouderdom die skryfvaardigheid nog onvoldoende is, is die vrae aan elke proefpersoon apart mondelings gestel. Dan is die mondelingse antwoord van die proefpersoon op elke vraag volledig neergeskryf. Sodoende is probeer voorkom dat die kind se spontane gedagtes deur gebrekkige skryfvaardigheid afgetakel is. Alle nasienwerk is deur die skrywer self verrig asook die verwerking van al die gegewens.

(c) Die Vraelys:

Die oorspronklike vraelys het uit 'n veertigtal vrae bestaan, maar nadat dit as voortoets aan 'n groepie proefpersone gegee is om te beantwoord, het dit geblyk dat sommige vrae nie aan die beoogde doel van die ondersoek beantwoord nie. Toe

tot die werklike ondersoek oorgegaan is, is sodanige vrae wegge-
laat, sodat die finale vraelys uit die volgende vier-en-twintig
vrae bestaan het:

1. Hoe lyk God?
2. Waar woon God?
3. Wat doen God?
4. Hoe oud is God?

Hierdie vier vrae probeer die proefpersoon se oordeel oor God
die Vader toets.

5. Wie is Jesus?
6. Waar is Jesus?
7. Wat doen Jesus?
8. Waarom het Jesus na die aarde gekom?

Vraag vyf tot ag draai om die begrip God die Seun.

9. Waar woon die Heilige Gees?
10. Wie se plek neem die Heilige Gees in?

Hierdie twee vrae voltooi die begrip Drieënige God, aangesien dit
die kind se oordeel oor die Heilige Gees wil vasstel.

11. Tot wie bid ons?
12. Waarom bid ons?
13. Waarom word ons gebede nie altyd verhoor nie?

Vraag elf tot dertien beoog om die insig in die wese van die gebed
to bepaal.

14. Wat is sonde?
15. Wat moet ons doen as ons in versoeking kom?

Hier gaan dit oor die begrip sonde en die verlossing daarvan.

16. Waar kom die mens vandaan?
17. Wat word van die mens as hy sterf?
18. Wie gaan eendag hemel toe?

Ongetwyfeld toets hierdie drie vrae die oordeel oor die oorsprong
en bestemming van die mens.

19. Waarom gaan ons kerk toe?
20. Waarom moet ons in die kerk stil sit?
21. Waarom sing ons in die kerk?
22. Waarom word kinders gedoop?

23. Waarom werk ons nie op Sondag nie?

24. Waarom lees ons die Bybel?

Die laaste vrae van die vraelys handel dus oor die erediens die Sabbat en die Woord van God.

(d) Die Kriterium:

Vir die vasstelling van die kriterium is die betrokke vier-en-twintig vrae aan 'n paneel van vyf predikante elk afsonderlik voorgelê vir beantwoording. Uit hulle antwoorde is dan gepoog om die norm vir elke vraag vas te stel. Terloops kan gemeld word dat al vyf predikante in wese dieselfde antwoorde gegee het, terwyl sommige antwoorde selfs woordeliks ooreengekom het.

Hier volg dan die puntetoekenning by elke vraag gebruik in die ondersoek:

Vraag 1. Hoe lyk God?

Aan elke attributiewe beskrywing van God word 'n halwe punt toegeken, terwyl antwoorde dat God soos 'n Gees is en dat geen mens weet hoe God lyk nie 'n volle punt verdien.

Vraag 2. Waar woon God?

Die antwoorde dat God in die hemel woon en in die harte van Sy kinders, word as korrek aanvaar en verdien 'n volle punt.

Vraag 3. Wat doen God?

Hier is die bondigste antwoord dat Hy die heelal onderhou en oor alles en almal regeer. Alle antwoorde wat hierdie gedagte weerspieël, word as korrek aanvaar.

Vraag 4. Hoe oud is God?

Vir die antwoorde „baie oud", word 'n halwe punt toegeken, terwyl antwoorde wat die ewigheidsgedagte bevat volle krediet kry naamlik een punt.

Vraag 5. Wie is Jesus?

Die antwoord wat hier as korrek aanvaar word, is dat Jesus die Seun van God is.

Vraag 6. Waar is Jesus?

Die antwoord wat duidelik spesifiseer dat Jesus aan die Regterhand van God is, kry 'n volle punt, terwyl graduele verskille

soos dat Hy in die hemel is en in die harte van Sy kinders 'n halwe punt verdien.

Vraag 7. Wat doen Jesus?

'n Veralgemening van die taak van Christus soos Hy help, seën, bewaar, vergewe sondes, verhoor gebede, verdien 'n halwe punt; terwyl een punt toegeken word as die werk van Christus gesien word as Voorspraak en Flekbereider vir die mens in die Vaderhuis.

Vraag 8. Waarom het Jesus na die aarde gekom?

As korrek word aanvaar dat Christus gekom het om te soek en te red wat verlore is en die weg weer te baan na die Vaderhuis.

Vraag 9. Waar woon die Heilige Gees?

Hy woon in die harte van die gelowige kinders.

Vraag 10. Wie se plek neem die Heilige Gees in?

Die plek van Jesus verdien een punt en die plek van God 'n halwe punt.

Vraag 11. Tot wie bid ons?

Ons aanbid God die Vader deur Christus Jesus is beslis die modelantwoord, maar antwoorde met God, die Vader, Jesus, die Here as voorwerp van aanbidding moet ook as korrek aanvaar word.

Vraag 12. Waarom bid ons?

Om daarmee ons onmag te bely en 'n beroep op Gods Almag te maak en alles wat dit impliseer, word as korrek aanvaar.

Vraag 13. Waarom word ons gebede nie altyd verhoor nie?

Alle antwoorde wat die fout by die bidder soek, word as korrek aanvaar en verdien 'n volle punt.

Vraag 14. Wat is sonde?

Vir die opnoem van 'n sonde en vir die beskrywing dat dit slegte dinge is, word 'n halwe punt toegeken; vir verkeerd doen, een punt en vir verkeerd doen in God se oë, twee punte.

Vraag 15. Wat moet ons doen as ons in versoeking kom?

Die bondigste antwoord is om te bid. Alle antwoorde wat die gedagte van Christus as die enigste toevlug en uitredding weerspieël, verdien die volle punt.

Vraag 16. Waar kom die mens vandaan?

Antwoorde wat Jesus en stof as die oorsprong sien, verdien 'n halwe punt, terwyl aan die antwoorde Here, God en die hemel een punt toegeken word. Wanneer duidelik spesifiseer word dat die mens deur God uit stof na Sy beeld geskape is, word twee punte toegeken aangesien dit die juiste insig openbaar.

Vraag 17. Wat word van die mens as hy sterf?

Die antwoorde dat hy in stof verander en na die hemel gaan, verdien 'n halwe punt, terwyl een punt toegeken word as gesê word dat die mens na die hemel of hel gaan of dat sy siel na die hemel gaan en sy liggaam in stof verander. Twee punte sal toegeken word as gesê word dat die liggaam in stof verander, terwyl die siel na gelang die lewe van die mens na die hemel of hel gaan.

Vraag 18. Wie gaan eendag hemel toe?

Alle antwoorde wat die begrip „deur Christus tot die Vader” en van „gereinig in die bloed van die Lam” weerspieël, verdien die volle punt. Vir graduele verskille soos goeie mense, die wat hul medemens liefhet, word 'n halwe punt toegeken.

Vraag 19. Waarom gaan ons kerk toe?

Wanneer as rede aangegee word dat dit goed is vir ons siele of om God te verheerlik soos dit Sy kinders pas, word 'n volle punt toegeken. Slegs 'n halwe punt kan toegeken word as as rede genoem word om te bid of om die Bybel te lees.

Vraag 20. Waarom moet ons in die kerk stil sit?

Die eerbiedsgedagte teenoor God is hier die korrekte antwoord.

Vraag 21. Waarom sing ons in die kerk?

As korrek word aanvaar dat die mens daardeur God verheerlik en sy dankbaarheid betoon vir al Sy weldade bewys.

Vraag 22. Waarom word kinders gedoop?

Wanneer 'n geestelike betekenis aan die doop gegee word en nie bloot om 'n naam te kry nie, word die volle punt toegeken.

Vraag 23. Waarom werk ons nie op Sondag nie?

Hier word alle antwoorde aanvaar wat as motief weerspieël

dat dit h instelling van God is en as sodanig gehuldig moet word.

Vraag 24. Waarom lees ons die Bybel?

Ons moet in Sy Woord bly as ons Sy dissipels wil wees. Dit is vir ons die wegwysers op ons lewenspad. Antwoorde wat bogenoemde gedagtes weerspieël, word as korrek aanvaar.

2. Bevindinge van die eie ondersoek:

Ons gaan nou oor tot die ontleding van elke vraag afsonderlik om die ontwikkeling van die religieuse oordeel vas te stel, want die peil van ontwikkeling van die twaalf-jariges sal as aanduiding dien in hoeverre die religieuse doelstellinge deur ons laeronderwys verwesenlik word.

Vraag 1. Hoe lyk God?

8 jaar: Van hierdie groep swyg 45%, terwyl 45% God menslik voorstel en Hom op die volgende maniere beskryf: Hy het lang hare, h wit lang baard; Hy dra wit klere. 10% beskryf God se voorkoms attributief en vermenslik dus nie Sy voorkoms in dieselfde sin as die ander nie. Hulle beskryf God as mooi en onsigbaar. Dit is blykens die antwoorde vir die agjarige h moeilike vraag.

9 jaar: 30% swyg, terwyl 36% God vermenslik en Hom beskryf as: manlik, soos Moses, soos h vrou. Net soos by die agjarige vind ons ook die beskrywings van h lang baard, lang hare, wit klere. 34% beskryf God attributief naamlik mooi, almagtig, mooiste. Die mensvormige voorstelling oorweeg dus nog steeds, maar reeds in h mindere mate as by die agjarige.

10 jaar: 27% swyg. 30% vermenslik God en noem onder meer dat Hy h blanke is en bruin hare dra. 27% beskryf Hom attributief: soos die son, magtig, heerlik. 10% verklaar dat niemand weet hoe God lyk nie, terwyl 6% verklaar dat God soos h Gees lyk en nie deur die mens gesien kan word nie. Die insig dat God h ander Wese as die mens is, begin dus reeds by die tienjarige deurskemer.

11 jaar: 23% swyg, 16% vermenslik God, terwyl 37% God attributief beskryf soos heilig, vol lig, kragtig, goed. 20% verklaar dat niemand weet hoe God lyk nie, terwyl 4% verklaar dat God soos h Gees lyk. Die menslike voorstelling begin dus sterk afneem.

as gevolg van die verbeterde insig.

12 jaar: 16% swyg, 23% vermenslik God, 27% gee 'n attributiewe beskrywing, terwyl 34% verklaar dat niemand God ooit gesien het nie, behalwe Christus. Die 12 jariges se begrip omtrent God is dus die gevorderdste, alhoewel hul oordeel in hierdie saak nog ver van juis is.

Samevatting:

Ouderdom	8	9	10	11	12
Persentasie korrek	5	17	29	42	47

Vraag 2. Waar woon God?

8 jaar: 5% swyg, 90% sê in die hemel en 5% sê in ons harte.

9 jaar: Niemand swyg nie, 87% noem die hemel en 13% ons harte.

10 jaar: 77% noem die hemel en 23% sê in die hemel en in die harte van die regverdiges.

11 jaar: Almal antwoord dat God in die hemel en in die harte van die regverdiges woon.

12 jaar: Weereens antwoord almal dat Hy in die hemel en in die harte van die Godvresendes woon.

Dit blyk dus duidelik dat die begrip van God se alomteenwoordigheid by die tienjariges begin posvat en by die twee hoër ouderdomsgroepe reeds sterk ingewortel is. Die hemel beteken vir die elf en twaalfjariges 'n ander geheimsinnige standplaas, terwyl die ag-, nege- en sommige tienjariges dit beskou as deel van die aarde, nie te ver weg nie, anders hoe sou God dan kan hoor en sien wat ons doen?

Samevatting:

Ouderdom	8	9	10	11	12
Persentasie Korrek	95	100	100	100	100

Vraag 3. Wat doen God?

8 jaar: 55% swyg, 15% sê Hy vergewe sondes, 10% sê Hy skryf

sondes op, 5% bestempel Hom as hoorder van die gebed, terwyl 15% Hom sien as Geneesheer van die siekes.

9 jaar: 30% swyg, 17% sê Hy vergewe sondes, 13% sê Hy genees, 13% sê Hy straf en 27% Hy help die mense.

10 jaar: 13% swyg, 20% sê Hy vergewe sondes, 10% sê Hy genees en 30% dat Hy help. Verder antwoord 10% dat Hy 'n plek berei, 14% dat Hy wonders verrig en 3% dat Hy goeie dinge doen.

11 jaar: Hier swyg 13%, 10% sê Hy vergewe sondes; 3% Hy verhoor gebede, 3% Hy straf, 4% Hy genees, 4% Hy doen wonders, 10% Hy berei 'n plek, 3% Hy regeer, 13% Hy soek sondaars en 37% Hy help.

12 jaar: Hier swyg 10%, terwyl 3% sê Hy vergewe, 7% Hy straf, 3% Hy genees, 3% Hy doen wonders, 4% Hy doen magtige daade, 3% Hy berei 'n plek, 30% Hy verlos, 30% Hy help en 7% Hy hoor gebede.

Samevatting:

Ouderdom	8	9	10	11	12
Persentasie Korrek	45	70	77	77	87

Hoe ouer die kind word hoe meer uiteenlopend is die antwoorde. Dit toon dat die ouer kind reeds 'n besef begin kry van die almag van God, vandaar dat hulle enige daad deur Hom moontlik ag. God as Helper is die gewildste antwoord en dit toon duidelik die kind se inherente gevoel van afhanklikheid. Aanluitend hierby is die antwoorde dat Hy gebede verhoor, genees en wonders doen. Verder blyk dit dat daar nog groot verwarring tussen God die Vader en God die Seun is. Om hierdie rede gee 10%, 10% en 3% van die tien-, elf- en twaalfjariges die antwoord dat God 'n plek berei, wat 'n duidelike verwarring met Christus toon.

Vraag 4: Hoe oud is God?

8 jaar: Hier swyg meer as die helfte naamlik 55%. Verder noem 30% 'n bepaalde getal jare soos vyf-en-vyftig, drie-en-sewentig, of oud soos die wêreld. Dan verklaar 15% dat God baie, baie oud is. Laasgenoemde groepie besef dat God voor alles daar was, maar verstaan die ewigheidsbegrip beslis nog nie.

9 jaar: 57% swyg, 27% noem 'n aantal jare soos nege-en-vyftig,

sesduisend; 10% sê dat niemand die ouderdom van God kan bepaal nie, terwyl 6% verklaar dat Hy ewig is en nooit oud word nie. Daar is dus reeds ontwikkeling van die ag- na die negejariges wat betref die oordeelsvermoë oor die onverganklikheid van God.

10 jaar: Nou swyg 23%, terwyl 53% h aantal jare noem wat wissel van drie- tot agduisend jaar. 7% sê dat God baie, baie oud is, 10% dat niemand ooit die ouderdom van God kan bepaal nie, terwyl 7% sê dat Hy ewig is.

11 jaar: 33% swyg, terwyl 37% h aantal jare noem soos eeue of negentienhonderd ses-en-vyftig jaar wat duidelik weereens verwarring toon oor die begrip God die Vader en God die Seun, aangesien negentienhonderd ses-en-vyftig wys op die geboorte van Christus.

7% sê dat God nooit oud word nie en 23% dat Hy ewig is.

12 jaar: 30% swyg, 24% noem h aantal jare en 46% sê dat God ewig is.

Samevatting:

Ouderdom	8	9	10	11	12
Persentasie Korrek	7	16	20	30	46

Hierdie vraag toon h noue verband met die vraag,

"Hoe lyk God?" Net soos die Godsbegrip vermenslik is, so het dit ook gebeur met die ouderdomsbegrip: 5% van die agjariges antwoord vraag een korrek teenoor 7% op vraag vier, terwyl 47% van die twaalfjariges vraag een en 46% vraag vier korrek beantwoord. Namate die kind ouer word, ontwikkel sy oordeel oor God as die Ewige en Onverganklike. Dat die oordeel van die twaalfjarige ook nog ver van juis is, blyk daaruit dat slegs 46% die ewigheidsgedagte verstaan.

Vraag 5. Wie is Jesus?

8 Jaar: Hier swyg 10%, terwyl 5% sê Hy is h engel en 30% dat Hy Josef en Maria se seun is. 20% verklaar dat Hy God self is, terwyl 15% Hom bestempel as die Seun van God, 5% as Christus en 15% as Here. Weereens oorweeg die menslike voorstelling en word Jesus maar net as h kind van Josef en Maria gesien. Die begrip eniggebore Seun van God val nog buite die bestek van die agjarige se religieuse

oordeel.

9 jaar: 27% swyg, 3% sê Hy is 'n engel, 10% Hy is ons Vader, 7% Hy is 'n man, 3% Hy is die Saligmaker, 3% Hy is die Here en 47% Hy is die Seun van God. Ons kry snaaks genoeg by die negejariges 'n groter persentasie wat swyg as by die agjariges. Die rede hiervoor is dat hierdie groepie reeds die insig het dat Jesus nie bloot 'n mens is nie, maar tog nog nie die begrip Seun van God begryp nie. Liewer as om Jesus te vermenslik, swyg hulle dan.

10 jaar: Niemand swyg nie. 7% bestempel Hom as 'n groot profeet. 10% sê Hy is die Heilige Gees, 3% Hy is 'n Christen, 3% Hy is die Here en 7% Hy is 'n Saligmaker. 70% gebruik die benaming Seun van God. Die menslike voorstelling neem steeds af, alhoewel die „geestelike“ voorstelling nie altyd juis is nie.

11 jaar: Niemand swyg nie. 3% sê Hy is 'n mens, 3% Hy is 'n Jood, 3% Hy is Josef se seun en 12% Hy is die Vader. 4% bestempel Hom as Verlosser en 75% as die Seun van God. Weereens die verwarring tussen God die Vader en God die Seun.

12 jaar: 3% sê Hy is 'n Gees, 13% Hy is die Vader, 6% noem Hom Heiland, terwyl 78% sê die Seun van God. Nog is daar 'n groepie wat nie kan onderskei tussen God die Vader en God die Seun nie.

Samevatting

Ouderdom	8	9	10	11	12
Persentasie „Seun van God“	15	47	70	75	78

Vraag 6. Waar is Jesus?

8 jaar: Niemand swyg nie, maar 15% gee heeltemal verkeerde antwoorde soos: Hy is dood. 10% sê Hy is in ons harte, 70% Hy is in die hemel en 5% Hy is orals.

9 jaar: Hier swyg 3%, terwyl dieselfde aantal verkeerd antwoord. 13% sê Hy is in ons harte, 67% Hy is in die hemel en 14% sê Hy sit aan die Regterhand van God.

10 jaar: Niemand swyg nie. 17% sê Hy woon in ons harte, 63% in die hemel en 20% sê Hy vertoef aan Gods Regterhand.

11 jaar: 10% sê Hy is in ons harte, 63% in die hemel en 27% aan God se Regterhand.

12 jaar: 17% sê Hy woon in ons harte, 46% in die hemel en 37% aan die Regterhand van God.

Samevatting:

Ouderdom:	8	9	10	11	12
Persentasie Korrek:	42	54	60	64	69

Vraag 7. Wat doen Jesus?

8 jaar: 60% swyg en 10% gee heeltemal verkeerde antwoorde byvoorbeeld: Hy gee die engele kos. 10% sê Hy bewaar ons, 5% Hy skryf stout kinders se name op, dieselfde persentasie sien Hom as hoorder van die gebed, terwyl 10% verklaar dat Sy taak is om die mense se sondes te vergewe.

9 jaar: 50% swyg en 20% gee 'n verkeerde antwoord. 7% sê Hy bewaar, 10% Hy help, 3% Hy straf, 3% Hy bid en 7% Hy vergewe sondes.

10 jaar: 37% swyg en 20% gee verkeerde antwoorde. 13% sê Hy bewaar Sy kinders, 3% Hy vergewe hul sondes, 3% Hy seën en 14% Hy pleit vir ons en 10% Hy berei 'n plek.

11 jaar: 24% swyg en 13% antwoord verkeerd. 30% sê Hy bewaar, 3% Hy vergewe, 7% Hy verhoor gebede, 3% Hy pleit vir ons en 20% Hy is besig om 'n plek te berei.

12 jaar: 3% swyg, terwyl 7% verkeerd antwoord. 20% sê Hy bewaar, 10% Hy help, 6% Hy seën, 7% Hy hoor gebede en dieselfde persentasie Hy vergewe sondaars. 27% verklaar dat Hy 'n plek berei en 13% dat Hy by God vir die sondaars pleit.

Dit is duidelik dat 'n groot persentasie nie die dieperliggende betekenis van Jesus se hemelvaart en Sy taak as die Seun van God begryp nie. Veralgemening kom dikwels voor, terwyl slegs 'n klein groepie die insig toon dat afgesien daarvan dat Christus ons gebede verhoor, ons seën en ons sondes vergewe, Sy

hoofsaak is om vir ons by God om genade te pleit en om vir elkeen wat Hom liefhet 'n plek in die Vaderhuis te berei.

Samevatting:

Ouderdom.	8	9	10	11	12
Persentasie Korrek.	15	15	33	43	65

Vraag 8. Waarom het Jesus na die aarde gekom?

8 jaar: 30% swyg, terwyl 40% 'n heeltemal verkeerde antwoord gee byvoorbeeld: om vir Josef te help, om op die aarde te woon.

30% besef dat die koms van Jesus 'n dieperliggende betekenis moet hê en sê dat Hy gekom het om ons sondes te vergewe.

9 jaar: Daar swyg 10%, terwyl die hoë persentasie van 40% 'n verkeerde antwoord gee byvoorbeeld: Christus het gekom om die aarde te skep. 13% sê dat Hy gekom het om ons sondes te vergewe, terwyl 37% sê dat dit was om vir die mense se sondes te sterf. Die idee van die groot Verlossingsplan van God begin dus reeds deurskemer.

10 jaar: 3% swyg, terwyl 20% verkeerd antwoord en ook hier word genoem dat Jesus na die aarde gekom het om dit te skep, wat duidelik 'n verwarring met God die Skepper toon. 30% sê dat dit was om ons sondes te vergewe, dieselfde persentasie dat dit was om vir ons sondes te sterf, terwyl 17% verklaar dat dit was om die mens van sy sondes te verlos.

11 jaar: Niemand swyg nie en slegs 13% antwoord foutief. 40% noem om ons sondes te vergewe, 23% om vir ons sondes te sterf, 17% om ons te verlos en 7% antwoord dat dit was om sondaars te verlos en tot bekering te lei. Vir die eerste maal het ons hier die begrip bekering.

12 jaar: 3% swyg en dieselfde persentasie antwoord verkeerd. 13% noem vergiffenis van sonde, 30% om vir die sondes van die wêreld te sterf, 47% om sondaars van die straf van die sonde te verlos en 4% noem dat Hy gekom het om te soek en te red wat verlore

is.

Namate die kind ouer word, ontwikkel sy religieuse oordeel en daarom word die rede vir die koms van Christus na die aarde steeds duideliker soos duidelik blyk uit die samevatting.

Samevatting:

Ouderdom	8	9	10	11	12
Persentasie Korrek.	30	50	77	87	94

Vraag 9. Waar woon die Heilige Gees?

8 jaar: 45% swyg, terwyl 10% as antwoord gee: in die hemel of by God. 30% verwar Heilige Gees met gees in die betekenis van 'n gestorwene of spook vandaar die antwoord: in die graf. 15% sê dat die Heilige Gees in ons harte woon.

9 jaar: Daar swyg 14%, terwyl 30% 'n verkeerde antwoord gee wat dikwels met die foutiewe antwoorde van die agjarige ooreenkom. 13% sê Hy woon in ons liggaam en 43% Hy woon in ons harte.

10 jaar: 7% swyg, 36% gee foutiewe antwoorde en 57% sê dat die Gees in ons harte woon.

11 jaar: Daar swyg 7%, terwyl 27% verkeerd antwoord. Hier vind ons die byna ongelooflike antwoord dat die Heilige Gees by die duivel woonagtig is. 60% sê die Gees woon in ons harte, terwyl 6% skerper insig verraaï en verklaar dat die Heilige Gees in die harte van die kinders van God woon.

12 jaar: Niemand swyg nie, 17% antwoord foutief en 83% sê die Heilige Gees woon in die harte van Gods kinders.

Samevatting:

Ouderdom	8	9	10	11	12
Persentasie Korrek.	25	56	57	66	83

Vraag 10. Wie se plek neem die Heilige Gees in?

8 jaar: 50% swyg, 10% gee 'n verkeerde antwoord byvoorbeeld die dooies se plek. 40% sê die plek van Jesus.

9 jaar: 33% swyg, 20% antwoord verkeerd en noem: die dooies, die duiwel. 3% sê die plek van God en 44% die plek van Jesus.

10 jaar: 37% swyg, 7% sê die duiwel, 3% Maria, 10% God en 43% Jesus.

11 jaar: 7% swyg, 23% antwoord verkeerd waarvan 13% sê die duiwel. 30% sê God en 40% noem Jesus.

12 jaar: 7% swyg, 20% antwoord verkeerd waarvan 3% die duiwel en 4% die predikant noem. 10% sê God en 63% Jesus.

Daar is dus groot onsekerheid oor die Heilige Gees en vir die meeste kinders is die begrip uiters vaag en onontwikkeld. Die idee van die Trooster en dat die Heilige Gees die geestelike Jesus is, is nog nie by die laerskoolkind aanwesig nie.

Samevatting:

Ouderdom	8	9	10	11	12
Persentasie Korrek.	40	45	48	55	68

Vraag 11. Tot wie bid ons?

8 jaar: 10% swyg, 25% sê God, 20% die Here en 45% Jesus.

9 jaar: 7% swyg, 30% sê God, 50% die Here en 13% Jesus.

10 jaar: 56% sê God, 17% Here, 16% Jesus, 8% die Heilige Gees en 3% Jesus en God.

11 jaar: 60% sê God, 13% Here, 17% Jesus en 10% Jesus en God.

12 jaar: 50% sê God, 20% Here, 13% Jesus, 7% die Vader, 6% God en Jesus en 4% tot God in die naam van Jesus.

Die agjarige voel hom nog meer aangetrokke tot Jesus die Kindervriend vandaar dat die grootste persentasie Hom as die voorwerp van aanbidding bo God verkies. Namate hy ouer word, word God die voorwerp en 'n klein groepie nader God deur Jesus soos Hy beveel het: deur My tot die Vader.

Samevatting:

Ouderdom.	8	9	10	11	12
Persentasie Korrek	90	93	100	100	100

Vraag 12. Waarom bid ons?

8 jaar: 35% swyg, 5% sê uit liefde en 5% om God te dien.

Dieselfde persentasie doen dit uit dankbaarheid, 15% om hulp te vra en 36% om vergiffenis van sonde te vra.

9 jaar: 30% swyg, 3% doen dit uit dankbaarheid, 3% uit geloof, 27% om hulp te vra, 30% om vergiffenis van sondes te vra en 7% om 'n rein hart te bekom.

10 jaar: 13% swyg, 17% vra hulp, 13% bid uit geloof, 7% uit dankbaarheid, 3% om God te eer, dieselfde persentasie vir die ewige lewe, 7% vra verlossing en 10% doen dit uit dankbaarheid en om vergiffenis van sondes te verkry.

11 jaar: 13% swyg, 23% vra hulp, 4% bid uit dankbaarheid, 7% uit geloof, 33% vra vergiffenis, 10% hulp en vergiffenis en 10% bid om God te dank en vergiffenis te vra.

12 jaar: 7% swyg, 10% vra hulp, 7% bid om genade, 3% om God te dank, 53% bid om vergiffenis, 17% vra vergiffenis en hulp en 3% bid om hulp en om God te dank.

Die gebed is vir die kind 'n magtige werklikheid en hy het groot vrymoedigheid om sy hart uit te stort. Namate hy ouer word, besef hy dat vader en moeder nie in al sy behoeftes kan voorsien nie en daarom soek hy al meer toenadering by sy Hemelse Vader. Die inhoud is oorwegend egoïsties en egosentries. Hy bid om die vervulling van sy node en behoeftes, om uitredding uit persoonlike gevaar soos blyk uit die groot persentasie wat hulp in die een of ander vorm vra. Hoe ouer die kind word, hoe sterker word sy besef van sonde soos daaruit blyk dat 35% van die agjarige teenoor 70% van die twaalfjarige die gebed as middel sien om vergiffenis van sonde te verkry. Namate die kind se insig oor die krag van die gebed toeneem, word sy gebede

spontaner en verdwyn die tradisionele gebed aan moedersknie geleer lamsamerhand.

Samevatting:

Ouderdom	8	9	10	11	12
Persentasie Korrek	65	70	87	87	93

Vraag 13. Waarom word ons gebede nie altyd verhoor nie?

8 jaar: Hier swyg 35%, terwyl 15% verkeerde antwoorde gee soos: die hemel is te hoog, daar is te veel wat bid. 45% sê dat ons gebede nie altyd verhoor word nie, omdat ons te veel sondig, terwyl 5% dit daaraan toeskryf dat ons vra wat ons nie nodig het nie en dat God dit weet.

9 jaar: 37% swyg, terwyl 3% verkeerde antwoorde gee soos: ons bid te vinnig. 40% wys dit aan sonde en 20% aan ongeloof: Ruim 60% het reeds die insig bekom dat die fout by die bidder lê.

10 jaar: 23% swyg, 30% wys dit aan sonde, 13% aan ons ongeloof. Verder verklaar 17% dat ons nie reg bid nie, 7% sê God weet dat ons nie alles nodig het nie, terwyl 10% verklaar dat God beter weet dat alles wat ons vra nie goed is nie.

11 jaar: Nou swyg 20%, terwyl 30% dit wys aan sonde, 13% aan verkeerde gebede, 27% sê ons het nie alles nodig nie, terwyl 10% ons ongeloof die skuld gee.

12 jaar: Slegs 3% swyg, terwyl 33% sê ons sondig te veel, 30% dit wys aan verkeerde gebede, 17% aan ongeloof en 3% sê dat dit so is, omdat God beter weet.

Ons sien hier 'n duidelike ontwikkeling van die kind se oordeel soos daaruit blyk dat die twaalfjariges meer grondige redes kan aanvoer as die agjariges waarom die mens nie altyd 'n direkte antwoord van God op die gebed ontvang nie.

Samevatting:

Ouderdom	8	9	10	11	12
Persentasie Korrek	50	60	77	80	97

Vraag 14. Wat is sonde?

8 jaar: 10% swyg, 10% sê dat dit lelike goed is, 30% dat dit is om kwaad te doen, 5% sê dit is om verkeerd te doen, dieselfde persentasie noem om afgode te dien en 40% sê dat sonde is om te vloek. Die agjarige besef reeds in 'n mate dat sonde iets is wat nie mag nie, wat nie pas nie al weet hulle self nog nie waarom dit so is nie.

9 jaar: 20% swyg, 27% noem dit verkeerd doen, 10% sê dit is ongehoorsaamheid, 27% vloek, 10% noem slegte dinge, 3% steel en lieg en 3% sê dat dit oortreding van die gebooie van God is. Hier is dus reeds die insig dat sonde iets is wat God nie behaag nie.

10 jaar: 7% swyg, 37% sê dit is lelike dinge, 23% sê sonde is verkeerd doen, 10% sê dit is om te steel, 6% om te lieg, 10% om ongehoorsaam te wees, terwyl 7% sonde noem as 'n oortreding van die Gebooie van God. 'n Groter groepie besef reeds dat sonde dinge is wat God verbied het en daarom nie by Sy kinders pas nie.

11 jaar: 7% swyg, 23% sê dit is vloek, 3% noem moord, 14% ongehoorsaamheid, 7% steel, 20% verkeerd doen, 3% werke van die duiwel, 10% 'n oortreding van God se Gebooie en 13% verkeerd doen in God se oë.

12 jaar: 7% swyg, 10% sê dit is vloek, 3% afgode dien, 3% steel, 3% ongehoorsaamheid, 17% lelike dinge, 20% die misbruik van drank, 7% werke van die duiwel, 8% 'n verbreking van die Tien Gebooie, 22% verkeerd doen in God se oë.

Hoe ouer die kind word hoe minder word bloot 'n voorbeeld van sonde genoem. Vloek is vir die ag-en negejariges 'n groot oortreding aangesien 40% en 20% dit onderskeidelik noem, terwyl die tien-en elfjariges ongehoorsaamheid (10% en 14%) 'n belangrike oortreding ag. Die twaalfjariges noem die misbruik van drank (20%) 'n groot sonde en toon hul wyer insig in wat verkeerd is. Nie meer bloot „verkeerd doen“, word sonde genoem nie, want volgens hul oordeel en tereg ook, is alles wat verkeerd gedoen word nie juis sonde nie, vandaar dat 23% van die twaalf-

jariges duidelik spesifiseer: „verkeerd doen in God se oë.”

Samevatting:

Ouderdom.	8	9	10	11	12
Persentasie Korrek	24	29	34	48	51

Vraag 15. Wat moet ons doen as ons in versoeking kom?

8 jaar: 30% van die groep swyg wat 'n bewys is dat die groepie nog nie die begrip versoeking begryp nie. 5% sê die mens moet „nee sê” en 25% dat 'n mens nie na die duiwel moet luister nie. Ruim 30% besef dus dat versoeking in verband staan met iets wat ons nie mag nie en wat van die duiwel afkomstig is. 40% sê dat die mens moet bid en besef dus dat in eie krag alleen die mens te swak is om die drang na die verkeerde te weerstaan.

9 jaar: Daar swyg 37%, terwyl 7% sê ons moet nie luister nie en 56% verklaar dat die mens moet bid.

10 jaar: 20% swyg, 6% sê die mens moet „nee sê,” 14% ons moet nie luister nie en 60% dat ons moet bid.


11 jaar: 10% swyg, en dieselfde persentasie sê ons moet nie na die duiwel luister nie, terwyl 80% die toevlug tot die gebed neem.

12 jaar: 7% swyg en 93% sien die gebed as die enigste uitkoms. Hoe ouer die kind word hoe skerper word sy insig in die bedorwenheid en hulpeloosheid van die mens om in eie krag die sonde die hoof te bied. Hy besef dat hy daarom na Christus moet gaan, „want deurdat Hyself onder versoeking gely het, kan Hy die help wat versoek word.” (Hebreërs 2:18).

Samevatting:

Ouderdom.	8	9	10	11	12
Persentasie Korrek.	40	56	60	80	93

44111



Vraag 16. Waar kom die mens vandaan?

8 jaar: 5% swyg; 45% sê die mens kom van die hemel, 5% hy kom van die stof, 15% van die Here; 5% van God; 20% van Jesus en 5% sê dat die mens deur God uit stof gemaak is.

9 jaar: 10% swyg, 3% sê die mens is van stof, 37% sê hy kom van die hemel, 10% hy kom van die Here, 17% hy kom van God; 20% verklaar die mens is deur God van stof geskape. 3% verklaar die oorsprong van die mens verkeerd deur byvoorbeeld Noag as sy bron te noem.

10 jaar: 13% swyg, 10% sê die mens is van stof gemaak, 17% sê hy kom van die hemel, 10% van die Here, 7% van God, 7% van Jesus en 36% verklaar dat die mens deur God geskape is.

11 jaar: 6% swyg, 13% noem stof, 7% die hemel, 3% die Here, 20% God, 10% Jesus, 33% verklaar dat die mens deur God geskape is en 8% antwoord dat die mens gebore word.

12 jaar: 10% swyg, 10% noem stof, 27% die Here, 3% die hemel en 10% God as die oorsprong. 34% sê die mens is deur God geskape en 3% sê dat die mens gebore word.

Behalwe vir 'n klein groepie by elke ouderdom het die deursnee kind reeds tot die slotsom geraak dat die mens 'n verhewe oorsprong het naamlik dat hy deur God geskape is, alhoewel graadverskille natuurlik voorkom deur byvoorbeeld Jesus as die Maker te noem. Ander het die Bybelfiguur Adam in gedagte van daar dat hul stof as sy oorsprong noem wat in werklikheid ook tog die gedagte van goddelike oorsprong weerspieël. Ewolsonisme is nog iets van 'n ander wêreld, want hy glo nog onvoorwaardelik. Twyfel ontstaan eers op 'n later ouderdom. Die kind lewe vir die oomblik en kousaliteit en wetmatigheid bestaan nog nie vir hom nie.

Samevatting:

Ouderdom.	8	9	10	11	12
Persentasie Korrek	43	52	57	58	62

Vraag 17. Wat word van die mens as hy sterf?

8 jaar: Niemand swyg nie, maar 25% antwoord verkeerd deur by- voorbeeld te noem: hy word 'n geraamte, word 'n engel, word begrawe. 50% sê die mens gaan na die hemel, terwyl 25% besef dat nie almal hemel toe gaan nie en daarom sê hulle: hemel of hel na gelang sy lewe. Die oordeel van die agjarige is nog wat hierdie saak betref uiters relatief en onontwikkeld. Daarom is daar van skeiding tussen liggaam en siel nog nie sprake nie.

9 jaar: 4% swyg, terwyl 16% verkeerd antwoord en sê hy word 'n engeltjie wat duidelik die begrip van die kleuterjare weerspieël. 33% sê die mens gaan na die hemel, 27% die hemel of hel, 7% sê sy liggaam word stof en sy siel gaan na die hemel, terwyl 13% sê dat hy stof word.

10 jaar: 7% swyg, terwyl 7% verkeerd antwoord. 16% sê hy gaan na die hemel, 47% na die hemel of die hel, 10% sê hy word stof en 13% sê die liggaam vergaan tot stof, terwyl die siel na die hemel of hel gaan. Langsamerhand ontplooi die insig van die kind oor die bestemming van die mens.

11 jaar: 10% antwoord verkeerd, 6% noem die hemel as bestemming, 37% die hemel of hel, 23% sê hy word stof, 7% die liggaam word stof en die siel gaan hemel toe. 17% sê die liggaam word stof terwyl die siel na die hemel of hel toe gaan.

12 jaar: 3% antwoord verkeerd, 14% sê die mens gaan na die hemel, 43% noem die hemel of hel as die eindbestemming van die mens, terwyl 10% sê die liggaam word stof en die siel gaan na die hemel, 7% sê die mens word stof, terwyl 23% sê die siel gaan na die hemel of hel en sy liggaam word stof. Die ouer kind verstaan reeds dat die mens nie slegs vir die onmiddellike kan lewe nie, daar sy lewe op aarde slegs 'n voorspel is tot die werklike lewe wat eers begin, wanneer die mens sterf. Hulle besef reeds dat die lewe van die mens op aarde die bestemming van die mens bepaal. Die ag- en negejarige twyfel nie vir 'n oomblik dat hy eendag hemel toe gaan nie. Die liggaam - siel begrip val nog buite die oordeelsvermoë van die meeste laerskoolkinders.

Samevatting:

Ouderdom.	8	9	10	11	12
Persentasie Korrek.	25	29	43	46	55

Vraag 18. Wie gaan eendag hemel toe?

8 jaar: 10% swyg, terwyl 60% verkeerd antwoord deur byvoorbeeld te noem: enigeen, die Here, die dooies, 'n mens se pa. 20% sê soet mense, 5% die wat bid, en 5% die wat gehoorsaam is.

9 jaar: 10% swyg, 27% antwoord verkeerd, 13% sê goeie mense, 23% gehoorsames, 3% regverdiges, 3% gereinigdes, 7% die wat glo, 7% die Here se kinders en 7% die wat God liefhet.

10 jaar: 13% swyg, 3% antwoord verkeerd, 14% sê goeie mense, 3% sê gehoorsames, 4% die wat sy medemens liefhet, 26% die wat glo, 24% die regverdiges, 6% die Here se kinders en 7% die wat God liefhet.

11 jaar: 6% swyg, 8% antwoord verkeerd, 7% sê goeie mense, 10% gehoorsames, 10% regverdiges, 23% die wat glo, 7% die wat God liefhet, 13% die wat bekeer is, 10% die wat kinders van God is, 3% die Godvresendes en 3% die wat hul sondes bely het.

12 jaar: Niemand swyg nie, maar 7% gee verkeerde antwoorde, 3% sê heiliges, 3% die wat goeie werke doen, dieselfde persentasie sê gehoorsames. Dan noem 10% kinders van God, 37% sê dit is hulle wat Jesus aangeneem het, 17% sê dit is die bekeerdes en 20% noem diegene wat glo.

Dit is duidelik dat die begrip van „deur Christus tot die Vader“ en van „gereinig in die bloed van die Lam“ eers betreklik laat deur die kind verstaan word. Om hierdie rede gaan goeie mense, soet mense en gehoorsames hemel toe. Die grootste persentasie verkeerde antwoorde is die antwoord: die wat nooit gesondig het nie. Die volmaakte mens is vir diegene dan wel op aarde te vinde wat bewys dat hulle nog nie die insig van die sondige menslike natuur begryp nie.

Samevatting:

Ouderdom	8	9	10	11	12
Persentasie Korrek	15	45	74	77	88

Vraag 19. Waarom gaan ons kerk toe?

8 jaar: 10% swyg, terwyl 25% verkeerd antwoord deur as rede aan te gee: omdat dit Sondag is, om na die sang te luister. 10% sê dit is om God te dien, 25% om te bid, 15% om God te aanbid en dieselfde persentasie sê dit is om die Woord van God te hoor.

9 jaar: 6% swyg, 11% antwoord verkeerd, 7% sê dit is om te bid, 3% om die Bybel te lees, 30% om God te aanbid, 37% om die Woord te hoor en 6% om God te eer.

10 jaar: 10% swyg, 7% antwoord verkeerd, 23% sê dit is om God te aanbid, 30% om die Woord te hoor, 11% om God te dank, 12% om God te dien en 7% om uit die Woord te leer.

11 jaar: 7% antwoord verkeerd, 10% sê om te bid, 13% om God te aanbid, 17% uit die Woord te leer, 37% om die Woord te hoor, 13% om God te dien en 3% om God te eer.

12 jaar: 4% swyg, 7% sê ons gaan kerk toe om te bid, 33% om die Woord te hoor, 23% om die Woord te leer, 13% om God te aanbid, 7% om God te dien, 10% om ons siele te spysig en 3% omdat 'n bevel van God is.

Volgens die oordeel van die meerderheid besoek ons die Huis van die Here, omdat dit goed is vir ons siele en om God te verheerlik soos dit Sy kinders pas. 'n Klein groepie wyk gra-
dueel hiervan af deur as doel te noem om te bid en die Bybel te lees.

Samevatting:

Ouderdom	8	9	10	11	12
Persentasie Korrek	65	83	83	93	96

Vraag 20. Waarom moet ons in die kerk stil sit?

8 jaar: 15% swyg, terwyl 60% verkeerd antwoord deur byvoorbeeld as rede aan te voer: om die dominee te kan hoor. 10% sê dit is die huis van God en 15% sê daar word met Jesus gepraat.

9 jaar: 7% swyg, terwyl 33% verkeerd antwoord. 60% gee 'n min of meer korrekte antwoord: die Here is daar, uit eerbied vir God.

10 jaar: Ook hier swyg 7%, maar minder antwoord verkeerd naamlik 23%. In ooreenstemming gee 70% 'n goeie antwoord: uit eerbied vir God.

11 jaar: Niemand swyg nie, dog 27% gee 'n verkeerde antwoord. Reeds 73% gee 'n korrekte antwoord.

12 jaar: 3% swyg, 20% antwoord verkeerd en 77% korrek: dit is Gods Huis; die Woord van God word daar gepredik.

Die agjariges besef dat 'n stemmige gedrag in die kerk paslik is, maar die grootste persentasie naamlik 75% weet nie hoekom nie en doen dit uit vrees vir straf van pa en ma of uit vrees vir die predikant. Dit geld vir nege- en tien- en in 'n mindere mate vir elf- en twaalfjariges. Hoe ouer die kind word, hoe beter kan hy oordeel waarom hy homself moet dissiplineer in in die huis van God. Later leer hy om die selfdissipline verder te voer en selfs sy gedagtes in toom te hou.

Samevatting:

Ouderdom	8	9	10	11	12
Persentasie Korrek	25	60	70	73	77

Vraag 21. Waarom sing ons in die kerk?

8 jaar: 40% swyg, terwyl 60% die korrekte antwoord verskaf naamlik om God daardeur te verheerlik en ons dankbaarheid te betoon. Hierdie gedagte word weerspieël in die antwoord van die agjariges: Ons sing vir die Here.

9 jaar: Hier swyg 37%, terwyl 63% 'n goeie antwoord gee.

10 jaar: Nou swyg 27%, terwyl 73% korrek antwoord.

11 jaar: Daar swyg 23% en 77% antwoord korrek.

12 jaar: Net soos by die elfjariges swyg 23% en 77% antwoord korrek.

Dit is dus duidelik dat daar nog talle laerskool-kindere is wat lustig saam met die gemeente sing sonder om die diepere betekenis van die daad te verstaan.

Samevatting:

Ouderdom	8	9	10	11	12
Persentasie Korrek.	60	63	73	77	77

Vraag 22. Waarom word kinders gedoop?

8 jaar: 25% swyg, terwyl 70% verkeerd antwoord naamlik om 'n naam te kry. Die orige 5% antwoord dat kinders gedoop word om na die Here te gaan. Laasgenoemde groepie oordeel reeds dat die doop iets meer is as om net 'n naam te kry.

9 jaar: 43% swyg, 40% sê dit is om 'n naam te kry, terwyl 17% beter oordeel verdraai: om geseën te word, om God se kind te word, om die Gees te ontvang, om oorgegee te word aan die Here.

10 jaar: Nou swyg 30%, terwyl 47% sê dit is om 'n naam te kry. 23% sien in die doop 'n geestelike doel en voer die volgende redes aan waarom kinders gedoop word: om hulle aan God te gee; om in Jesus se bloed gewas te word, om die Heilige seën te ontvang, om hul name in die boek van die Lewe te laat skryf.

11 jaar: 10% swyg, 53% sê dit is om 'n naam te kry en 37% voel die dieper betekenis aan en noem onder meer: om ingelyf te word by die gemeente, om hulle na die Here te bring.

12 jaar: Daar swyg 43% en 7% sê dit is om 'n naam te kry. 50% verklaar die bediening van die doop min of meer korrek deur onder meer aan te voer: om gereinig te word; omdat die mens in sonde ontvang en gebore word; om aan die Here gegee te word.

Opmerklik is die feit dat die persentasie wat swyg oor hierdie vraag reëlmatig verminder tot by die elfjariges naamlik van 25% tot 10%, maar dan by die twaalfjariges die hoogte inskiet

tot 43%. Dit is daaraan te wyte dat dié groep twaalfjariges reeds besef dat die doop meer is as om net 'n naam te kry, maar wat dit is, val nog buite hul oordeel.

Samevatting:

Ouderdom:	8	9	10	11	12
Persentasie Korrek	5	17	23	37	50

Vraag 23. Waarom werk ons nie op Sondag nie?

8 jaar: 30% antwoord verkeerd, terwyl 70% korrekte antwoorde gee wat egter gradueel verskil: dit is sonde, dit is 'n heilige dag; God het gerus; God verbied dit in Sy Wet.

9 jaar: 30% gee 'n verkeerde antwoord byvoorbeeld dat ons kerk toe kan gaan. 70% antwoord korrek en voer soortgelyke redes as die agjariges aan.

10 jaar: 9% antwoord verkeerd, terwyl 91% goeie antwoorde gee.

11 jaar: 8% gee verkeerde antwoorde teenoor 92% goeie antwoorde. Die rede dat God werk op Sondag in Sy geboorte verbied, kom meer dikwels voor as by die vorige ouderdomsgroepe.

12 jaar: Hier is geen verkeerde antwoorde en 100% gee elk 'n aanvaarbare antwoord.

Namate die kind ouer word, word die ware betekenis van die Rusdag steeds duideliker.

Samevatting:

Ouderdom	8	9	10	11	12
Persentasie Korrek	70	70	91	92	100

Vraag 24. Waarom lees ons die Bybel?

8 jaar: 'n Besonder groot groep van 40% reageer nie op die vraag nie. 10% gee onaanneembare antwoorde byvoorbeeld om die geskiedenis te ken. 50% het reeds 'n beter insig bekom en gee min of meer goeie antwoorde: om van God, van Jesus te leer en

om die weg na saligheid te leer ken.

9 jaar: Weereens swyg 40%, terwyl 3% nou verkeerd antwoord,

Die ander 57% antwoord op onder meer die volgende maniere: om van God te leer, om op die regte pad te bly, uit liefde vir God, om gered te word, omdat ons Sy kinders is.

10 jaar: 17% swyg, terwyl 83% goeie antwoorde gee soos byvoorbeeld: God beveel dit, dit is die Woord van God en om die weg te ken.

11 jaar: Nou swyg 13% en 87% voer goeie redes aan: God beveel dit, om Geloofsversterking te kry, om die weg te ken en omdat dit die Woord van God is.

12 jaar: Net soos by die elfjariges swyg 13%, terwyl 87% 'n goeie antwoord wat van insig getuig, verskaf: om die weg te ken.

Die ouer ouderdomsgroepe begin reeds die waarde van die Bybel besef en sien dit as 'n lig op ons weg en 'n lamp vir ons voet. As ons daarin nie bly nie, kan ons Sy dissipels nie wees nie.

Samevatting:

Ouderdom	8	9	10	11	12
Persentasie Korrek	50	57	83	87	87

Om die ontwikkeling van die religieuse oordeel nader te bepaal, sal dit nodig wees om 'n algehele samevatting van die bevindinge te gee. Hierdie samevatting wat sal dien as maatstaf om die verwesenliking van die religieuse doelstellinge te bepaal, sal saam met die probleme wat daaruit vloei met die moontlike oplossing daarvoor in die volgende hoofstuk bespreek word.

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS.

In die vorige hoofstuk is elke vraag afsonderlik ontleed. In hierdie hoofstuk word 'n samevatting van groepe vrae bespreek om sodoende die ontwikkeling van die verskillende aspekte van die religieuse oordeel te ontleed met die doel om 'n geheelbeeld van die religieuse oordeel te kry om sodoende vas te stel in hoeverre die religieuse doelstellings deur die laerskoolonderwys verwesenlik word. Verder sal aanbevelings gemaak word oor wat gedoen kan word om die religieuse doelstellings te bevorder.

1. Die oordeel van die kind oor God Drieëinig:(a) God die Vader.

Die kind is in staat om bewus van godsdienstige gevoelens te word voordat hy in staat is om oor godsdiens te dink dit wil sê te oordeel. Die vraag ontstaan op watter leeftyd die kind begin om vir hom 'n voorstelling van God te maak dit wil sê om oor God te dink. Dit begin min of meer wanneer die kind begin om vrae te stel, naamlik vanaf omstreeks die derde lewensjaar. Ons moet onthou dat die kleuter geen ander kenbeelde as die uit die alledaagse lewe het nie. Sy oordeel van God is daarom sinlik en mensvormig. Tereg sê Oppenheim dat die kleuter nie 'n intellegente waardasie van godsdienstige begrippe kan hê nie. "His religious insight is limited and the depth of religious receptivity is notably small." Hierdie uitspraak geld soos uit die ondersoek blyk nog tot 'n groot mate vir die ag-, nege en tienjariges, aangesien minder as vyftig persent van hierdie proefpersone 'n suiwer begrip van God die Vader het. Die menslike voorstelling oorweeg nog sterk, alhoewel dit tot 'n mate oorheers word deur 'n attributiewe beskrywing van God naamlik dat Hy heilig, almagtig en vol Lig is. Die kind begin

1) Oppenheim: The Development of the Child, 133.

reeds insien dat God 'n ander Wese is. Dit is eers die elf- en twaalfjariges wat besef dat niemand God ooit gesien het nie behalwe die Eniggebore Seun van God wat Hom verklaar het as Liefde. Dit is vir die jong kind moeilik om te begryp dat God alomteenwoordig is. Trouens op die vraag waar God Hom bevind, bind 'n groot persentasie van die proefpersone Hom aan 'n vaste plek naamlik die hemel. Die elf- en twaalfjariges begryp reeds dat God alomteenwoordig is al is Hy nie sigbaar nie. Dit is die vrug van die selfstandige deurdenking van wat hulle omtrent God van die volwassene geleer het. God die Ewige is 'n moeilike begrip daar slegs ses-en-veertig persent van die twaalfjariges hierdie insig openbaar. Die ideale toestand soos vervat in die religieuse doelstelling is dat die kind God in al Sy eienskappe moet ken.²⁾ Trouens dit is wat van die kind verwag kan word as hy die laerskool verlaat. Die ondersoek toon dat daar dan ook wel kinders is wat tot hierdie peil kom. Dit blyk egter ook dat daar nog talle laerskoolleerlinge is wat aan die einde van hul laerskooljare nog geen duidelike beeld van God as die Almagtige, die Ewige, die Alomteenwordige, die Skepper en Bewaarder van die ganse heelal het nie. Die volgende samegestelde syfers toon die ontwikkeling van die Godsbegrip aan en in watter mate die kind tot die ware kennis van God gekom het:

Ouderdom:	8	9	10	11	12
Persentasie Juiste Insig:	38	50.7	56.2	62.2	70

Alle naderbyliggende doelstellinge lê op die weg na die einddoel naamlik om God Drieëinig-te eer. Die kennis van God en die eer wat Hom betoon moet word, is nie van mekaar te skei nie, maar een daad. Sonder waaragtige kennis van God kan Hy nie ten volle geëer word nie. Die kennis van God moet dan ook so meegedeel word dat dit deur die bevrugting van die Heilige Gees sal strek tot die eer van God. Eerbied teenoor God by die

.....

2) Vgl. Greyling: Godiensonderwys in die Skool, 179.

kleuter en die kind in sy middelkindsdag is die gevolg van 'n drang tot selfbeskerming en beveiliging. Deur godsdiensonderrig moet hy egter daartoe gebring word om God te eerbiedig nie uit vrees nie, maar terwille van Sy Almag en wonderlike liefde teenoor die individuele mens, soos in sy Woord geopenbaar word. Hoe duideliker die kind se begrip van God as die almagtige en ewige Vader is, hoe intenser sal sy strewe wees om God te behaag. Watter wonderlike geleentheid, maar ook ontsettende verantwoordelikheid hou dit nie vir die godsdienstige opvoeding in nie.

(b) God die Seun:

As ons die tweede naderbyliggende doelstelling van die godsdiensonderwys in die skool omskryf, dan sê ons dit is om God te ken en te eer. Dit veronderstel ook waaragtige kennis van die tweede Persoon in die Drieënheid naamlik God die eniggebore Seun. Die kind moet Jesus ken as die eniggebore Seun van God die Vader; as Jesus wat ons salig maak en van al ons sondes verlos; as Godmens wat ons met Sy dierbare bloed gekoop het; as Koning wat deur Sy verhoging, opstanding en hemelvaart sit aan die Regterhand van God waar Hy vir ons as voorspraak intree by God.³⁾ Uit die ondersoek blyk dit dat die begrip eniggebore Seun vir die agjarige nog iets onwerkliks is. Hulle sien Jesus bloot as die seun van Josef en Maria en in enkele gevalle as God die Vader. Vir hulle bevind Jesus Hom in die hemel en Sy taak is om gebede te verhoor en Sy kinders te bewaar. Vir die agjarige het Hy na die aarde gekom om sondes te vergewe. Selfs onder die hoogste ouderdomsgroep is daar nog geen duidelike insig oor Christus as die Seun van God nie, want nie minder nie as dertien persent sê dat Jesus die Vader is, terwyl byna twintig persent verklaar dat Hy die Heilige Gees is. Die begrip aan Gods Regterhand begin by die negjarige posvat waar veertien persent dit noem. Dit styg baie gering aangesien slegs sewe- en- dertig persent van die twaalfjarige hierdie antwoord verstrek. Christus se taak as

.....

3) Vgl. Greyling: Godsdiensonderwys in die Skool, 180.

voorspraak en plekbercider vir die mens by God slaan eers by die tienjariges in waar 'n geringe persentasie die insig openbaar. Ooreenstemmend met die persentasie twaalfjariges wat die begrip aan Gods Regterhand openbaar, verstaan slegs veertig persent van hierdie ouderdomsgroep die dieperliggende betekenis van Jesus se koms na die aarde, Sy hemelvaart en Sy taak aan die regterhand van God. Vergelyk die volgende samevattende voorstelling wat terselftertyd die ontwikkeling van die kind se oordeel oor God die Seun uitbeeld.

Ouderdom:	8	9	10	11	12
Persentasie Juiste Insig:	25.5	41.5	60	67.2	76.5

Dit is dus duidelik dat die laerskoolkind and die einde van sy loopbaan veel suiwerder kennis van God die Seun en Sy taak openbaar as van God die Vader.

(c) God die Heilige Gees.

Waaragtige kennis van God veronderstel ook dat die kind die derde Persoon in die Drieënhed naamlik God die Heilige Gees moet ken. Hy moet tot die kennis gebring word dat die Heilige Gees die geregtigheid in Christus Jesus in sy hart plant; dat Hy gekom het in die plek van Christus na Sy hemelvaart; dat Hy ewig by hom bly en hom in staat stel om 'n Godgerigte lewe van waaragtige en gedurige oorgawe en dankbaarheid te voer.⁴⁾

Uit die ondersoek blyk dit dat daar by die kind tussen ag en twaalf groot onsekerheid oor die Heilige Gees is en dat vir die meeste kinders die begrip uiters vaag en onontwikkeld is. Die Heilige Gees word deur 'n verbasende getal proefpersone met gees in die betekenis van gestorwene verwar. So gee dertig persent van die agjariges hierdie antwoord. Absolute onkunde word verrai as vyf persent van die nege-,

.....

4) Vgl. Greyling: Godsdiensonderwys in die Skool, 180.

sêwe persent van die tien-, dertien persent van die elf- en drie persent van die twaalfjariges antwoord dat die Heilige Gees die plek van die duiwel inneem. Die godsdienstige doelstelling van kennis van die Heilige Gees word tot 'n groot mate in die skool verwaarloos, soos blyk uit die gebrekkige oordeel van die kind oor die derde Persoon van die Drieënhed wat duidelik waarneembaar uit die samevattende syfers van die ondersoek oor die Heilige Gees is.

Ouderdom:	8	9	10	11	12
Persentasie Juiste Insig:	32.5	50.5	52.5	60.5	75.5

Om die kind tot waaragtige kennis van God Drieëinig te bring, is nodig 'n juiste, omvattende suiwer kennis van die feite van die Bybel soos dit ons God Drieëinig laat ken in geskiedenis en in lofsang, in profesie en in Evangelie, in Wet en in Sendbrief. Om die kind tot hierdie kennis te bring, is die plig van die skool tot 'n baie groot mate. Die Provinsiale Onderwyskommissie van Transvaal laat hom baie duidelik hieroor uit:

„Die feite en leer van die Bybel sal die vernaamste werktuie van die onderwyser bly by godsdiensoonderrig en die volk het die reg om te eis dat hul kinders hierdie kennis op skool moet opdoen en dat hierdie kennis op 'n eerbiedige en simpatieke manier meegedeel word.⁵⁾

Die volgende samevattende syfers oor die oordeel van die kind oor God Drieëinig toon duidelik hoe die kind se oordeel ontwikkel en in welke mate die naderby liggende doelstelling om God Drieëinig te ken, verwesenlik word. Die persentasie korrekte antwoorde word gegee.

Ouderdom:	8	9	10	11	12
God die Vader:	38	50.7	56.2	62.2	70
God die Seun:	25.5	41.5	60	67.2	76.5
God die Heilige Gees:	32.5	50.5	52.5	60.5	75.5
God Drieëinig:	32	47.5	56.2	63.3	74

5) Verslag Tvl. Prov. Ondw. Kom. 1937, 158; 159.

2. Die oordeel van die kind oor die gebed:

In die leerplan vir godsdiensonderwys van die Oranje Vrystaat word die naderbyliggende doelstellings soos volg saamgevat: Waaragtige kennis van God Drieënig, waaragtige geloof in God en waaragtige dankbaarheid. ⁶⁾ Waaragtige kennis van God is reeds bespreek en vervolgens gaan ons oor tot die van waaragtige dankbaarheid. Waaragtige dankbaarheid bestaan eerstens daarin dat die kind hom voortdurend tot God keer, berou te hê oor sondes en sy lewe Godgerig op die nou pad te hou. Tweedens bestaan dankbaarheid uit goeie gesindhede en karaktertrekke en uit goeie dade. (Later meer hieroor). Derdens word waaragtige dankbaarheid deur die kind jeëns God betoon deur die beoefening van die gebed. Hy moet die Onse Vader ken, maar moet ook aangemoedig word om self die gebed volgens die Woord van God en sy wil te beoefen. Dit is oor die beoefening van die gebed waarby stilgestaan moet word. Die religieuse doelstelling sluit dus in dat die kind die waarde en wese van die gebed moet besef. In hoeverre word daarin geslaag? Hoever strek die kind se oordeel oor die gebed? Weet die kind tot wie hy moet bid, waarom hy bid en waarom sy gebede nie altyd suksesvol is nie? Uit die ondersoek blyk dit dat alle kinders, uitgesonderd tien persent van die ag- en sewe persent van die negejariges, almal óf God óf Jesus óf die Heilige Gees óf die Here as die voorwerp van aanbidding sien. Die agjarige voel meer aangetrokke tot Christus die Kindervriend aangesien vyf-en-veertig persent Hom as voorwerp van aanbidding sien. Hierna tree God, die Vader sterk op die voorgrond, terwyl reeds drie persent van die tien- en tien persent van die elfjariges God en Jesus saam noem. Die gedagte dat Christus en God albei genader moet word, begin reeds deur-skemer en vier persent van die twaalfjariges sê dan ook dat God in die naam van Jesus genader moet word. Baie min van die laerskoolleerlinge verstaan dus die begrip "deur My tot die Vader."

.....

6) Vgl. O.V.S. Leerplan vir Godsdiensonderwys, 4-5.

Op die vraag: "Waarom bid ons?," word velerlei antwoorde gegee. Dat 'n sterk sondebeseftig aanwesig is, blyk uit die groot persentasie wat vergiffenis van sonde vra. Die inhoud van die gebede openbaar 'n sterk egoïstiese inslag en die beskerming en bevoordeling van die eie persoon vorm die hoofinhoud van die kindergebed. Dankbaarheid jeëns God as motief vir die gebed kom reeds by vyf persent van die agjarige voor, terwyl by tien persent van die tienjarige en veertien persent van die elfjarige dankbaarheid en belydenis van sonde die gesamentlike motief van die gebed is. Gebrek aan dankbaarheid teenoor God vir Sy groot liefde wat in die koms van Christus geopenbaar is, vir Sy versorgende en bewarende Genade, is 'n verksynsel wat nog by al die proefpersone voorkom. Alles word eenvoudig aanvaar dat dit maar so moet wees en die kind beseft nog nie ten volle nie, dat alles deur die Genade van God moontlik gemaak word. As ons godsdiensoonderrig dankbaarheid en erkentlikheid by die kind teenoor God kan kweek, dan het dit reeds ver gevorderd op die weg van verwesenliking van die uiteindelijke religieuse doelstelling naamlik om God te eer. Hy wat die wonder van God se genade en liefde leer ken het, kan nie anders nie as om Hom deur dankbare toewyding van die eie lewe te eer. Vergelyk die volgende samevattende tabel oor die kind se oordeel oor die gebed. Die persentasie korrekte antwoorde word gegee.

Ouderdom:	8	9	10	11	12
Voorwerp van aanbidding:	90	93	100	100	100
Motief vir aanbidding:	65	70	87	87	93
Rede vir onverhoorde gebede:	50	60	77	80	97
Samevatting:	68.3	74.3	88	89	93.3

3. Die oordeel van die kind oor die sonde.

Waaragtige dankbaarheid bestaan verder in die onderhouding van die Tien Gebooie, wat duidelik bepaal hoe die mens

moet wandel om tot die eer van God te lewe. God en die sonde gaan nie saam nie en daarom moet die kind om Hom te eer, weet wat sonde is, anders hoe kan hy God behaag? Die Wet dien as maatstaf vir wat sonde is. „Ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie.”⁷⁾ Op die vraag wat onder sonde verstaan word, blyk dit dat die Std. I kind d.w.s. die agjarige reeds besef dat dit iets is wat nie mag nie. Daarom noem hy dit, „lelike goed,” „kwaad doen.” e.s.m. Dieselfde geld vir die nege- en tienjariges waar reeds drie en sewe persent onderskeidelik sonde oordeel as iets wat nie mag nie, omdat dit God nie behaag nie. Die elf- en twaalfjariges, onderskeidelik ses-en-twintig en sewe-entertig persent, openbaar reeds 'n suiwerder oordeel. Sonde is vir hulle nie bloot om iets verkeerd te doen nie, maar verkeerd te doen in God se oë, met ander woorde alles wat nie volgens die Wet van God is en tot Sy eer gedoen word nie. Vergelyk die volgende tabel.

Ouderdom.	8	9	10	11	12
Persentasie juis geoordeel:	24	29	34	48	51

Die vraag ontstaan of die onderwyser met die leer van sonde hom nie op 'n baie glibberige terrein naamlik die van die dogmatiek begewe nie. Dit gaan hier oor wat onder dogmatiek verstaan word. Dit behels beslis nie die inprenting van die leerstellings van een of ander kerkgenootskap of sekte nie. Soiets word uitdruklik deur die Oranje Vrystaat se onderwysondonnansie verbied. Religieuse opvoeding sonder dat die kind tot die kennis van die geloofswaarhede wat gemeenskaplik met die naam dogma aangedui word, kom, is nie moontlik nie.⁸⁾ Dogmatiese onderwys bestaan in die eerste instansie nie in die leer van sekere reëls wat by die kinders ingeprent moet word nie, want dan stuur die religieuse opvoeding af op die skematisering en

.....

7) Romeine 7:7.

8) Vgl. Waterink : Theorie der Opvoeding, 574.

verintellektualisering van die godsdienstige lewe. Dogma is nie 'n wetsartikel of notariële aantekening van dinge wat ons moet glo nie. Die dogma is in die woorde van Waterink soos 'n brief van die Vader wat die kind nie ongelees kan laat nie. Hy wat die Woord van God aanvaar as die enigste en waaragtige openbaring van God kan nie anders nie as om dogmatiese onderwys as 'n wesenlike bestanddeel van die godsdienstige opvoeding te sien. Die diens van God beteken dat ons God leer liefkry het en Hom in liefde ken. Maar hy wat God leer ken en liefkry het en wie met Hom gemeenskap in geloof het, rig hom spontaan tot diegene wat deur God aan sy sorg toevertrou is. Die gelowige hart moet 'n gelowige bewussyn ontdek — dit kan net eenvoudig nie anders nie. Wanneer vir die onderwyser die geloofswaarhede slegs inhoude is wat gememoriseer moet word dan doen hy 'n uiters gevaarlike werk as ware opvoeder. Dit lei tot 'n toestand van kennis van God en Christus gelykstaande aan historiese figure, iets wat net eenvoudig nie mag nie, want dan word die karakter van God, trouens van die hele christelike godsdiens verloën.⁹⁾ Wat sonde werklik is, begryp nie hy wat dit alleen intellektueel kan uitleë as 'n privatio activa, as 'n misloop van die geregtigheid nie, maar wel hy wat sy deur-sonde-gebroke hart aan die voete van God uitstort. Alleen dié opvoeder kan die kind 'n blik gee in wat sonde in der waarheid is. Dié opvoeder het dan ook behoefte om volgens die Woord van God die kind te vertel wat sonde is en hoe die mens die versoekings kan bekamp.

Daar moet onthou word dat die godsdiens - onderwys veral met die kind se wils- en streweingslewe te doen het en dat dit daarna moet streef om die wil van die kind meer en meer konstant Godgerig te maak. Dit staan in noue verband met die ontwikkeling van die Christelike deugde wat deur die religieuse opvoeding beoog en van die religieuse opvoeding geëis word. Die Onderwysordonnansie verklaar uitdruklik:

„Die publiek het die reg om te eis dat die skool alles moet

.....

9) Vgl. Waterink: Theorie der Opvoeding, 575.

doen om die Christelike deugde te ontwikkel naamlik waarheid,

10)

eerbied e.d.m." Dit sou onmoontlik wees om die ware Christelike

deugde aan te kweek as die kind nie waarlik 'n kind van God is

nie. Kennis van die Wet van God is noodsaaklik, want daarin

lê opgesluit die kennis van God en die ideale van die sedelik-

11)

heid. Dit bring ons by die vraag wat dan die karakter van

gehoorsaamheid aan die sedelike norm is. Dit blyk dat

wanneer 'n norm gehoorsaam word, dan word dit gedoen,

objektief gesien, omdat aan die norm geldigheid toegeken word,

terwyl uit 'n subjektiewe oogpunt benader, geskied die gehoor-

saamheid aan die norm omdat daar 'n eerbiedshouding teenoor die

norm bestaan as gevolg waarvan die norm beskou word as magtig,

sterk, verhewe, as goed selfs wanneer 'n mens terwille van die

12)

norm 'n offer moet bring. Tog mag die gesag van die norm

sonder die innerlike gebondenheid daaraan en die liefde daar-

voor nie fungeer nie, want dan word die norm 'n koue, dor,

aaklige skema waaraan die mens hom gevange gee. Net so kan

die subjektiewe geneënthheid tot die norm sonder die objektiewe

gesag daarvan nie bestaan nie, want dan bestaan die gevaar dat

die gesag van die norm sal afhang van die liefde vir die norma-

tiewe. "Dan word voor mij dus in de diepste zin de norm

13)

slechts de genegenheid van mijzelf." Die sedelike lewe is

alleen moontlik deur die voortdurende wisselwerking tussen die

objektiewe gesagskarakter van die norm en die subjektiewe be-

lewing van gebondenheid aan die norm, 'n gebondenheid wat dan

die gebondenheid deur liefde is. Hierdie gebondenheid van

die liefde aan die norm het 'n religieuse karakter. Waarom

word die norm oor die eie lewe erken? Bloot om die nuttigheid

daarvan soos die Pragmatis wil beweer, is dit beslis nie, want

dit sou beteken dat die norm waaraan die mens hom onderwerp

.....

10) Verslag Onderwys Kommissie van Transvaal, 158-9.

11) Vgl. Greyling: Godsdiensonderwys in die Skool, 155.

12) Vgl. Waterink: Theorie der Opvoeding, 582.

13) Waterink: a.w., 582.

die produk van sy eie hande is. Selfs die primitiefste volk ken nie aan hul eie skepping goddelike waarde toe nie, as hulle nie ten volle oortuig is dat die godheid bereid is om dit as sodanig te aanvaar nie. Die pedagogiek van die pragmatisme lei dan ook tot 'n normlose opvoeding.

Die Christelike godsdiens moet as middel tot sedelike opvoeding voorop geplaas word. Daar vind ons die suiwerste weergawe van sedelike waardes in lewende konkrete vorm. Van die openbare godsdiens oefeninge, die huisgodsdiens en die aandag wat die ouers en veral onderwysers aan die godsdiens tye ontwikkeling van die kind gee, gaan 'n geweldige suggererende drang tot eerbiediging van die sedelike waardes uit. Deur middel van die godsdiens onderrig word vir die kind 'n konkrete lewende voorbeeld van die regte waardering van die sedelik - goeie en - kwade gegee waardeur hy in staat gestel word om sy eie innerlike en gevolglik sy lewensbeskouing gesond te ontwikkel en aldus waaragtige dankbaarheid jeëns God te betoon. Hier geld die positiewe optrede van Christus veral waar Hy vir ons deur die samevatting van die wet 'n positiewe lewensbeskouing voorhou naamlik om God bo alles lief te hê en ons medemens soos onself. Christus self is die sedelik-volmaakte persoonlikheid en is daarom die uitgangspunt van alle ware sedelike opvoeding. Elke bevel, "Moet dit nie doen nie, God verbied dit," sonder dat die bevel deur die liefde van Christus gedra word, is nie alleen 'n mislukte poging om die kind sedelik op te voed nie, maar ook 'n growwe misbruik van sowel die gesag van die norm as van die gesag van die opvoeder. Alleen as in ons godsdiens onderrig die positiewe voorbeeld van Christus aan die kind voorgehou word, sal die kind nie alleen beseef wat "sonde" is nie, maar ook leer dat in die versoeking Christus, wat self onder versoeking gely het, die enigste redmiddel is. Dan sal dit nie gebeur soos uit die ondersoek blyk dat dertig persent van die ag-, sewe-en-dertig persent van die nege-, twintig persent van die tien-, tien persent van die elf- en sewe persent van die twaalfjariges geen antwoord weet op die vraag wat om in versoeking te doen nie. Dan sal soos

uit die ondersoek blyk nie 14.6 persent van die laerskoolleerlinge in eie krag die versoeking wil weerstaan nie. Onder 'n positiewe optrede word beslis nie bedoel dat daar nie sterk opgetree mag word in gevalle waar dit nodig is nie. Soms kan die kind nie verstaan waarom sekere dinge nie mag nie en dit lei dikwels tot verset teen die gesag oor hom gestel. Onderwysers moet aan die kind probeer verduidelik dat alle mense aan gesag onderworpe is, "that their authority is not arbitrary enforcement of their own irresponsible will, but of laws which God Himself has ordained and to which they are themselves
14) submissive." Die rede vir sekere dinge kan dikwels nie verduidelik word nie en waar die onderwyser dit deur die geloof aanvaar, geld vir die kind dikwels die gulde reël: "Command and obedience must precede reason."

Tot watter mate is die ag- tot twaalfjarige kind nou eintlik daartoe in staat om te onderskei tussen sedelik goed en kwaad? Havenga in sy ondersoek na die ontwikkeling van die sedelike oordeel van die ag- en twaalfjarige kind, is van mening dat hierdie ouderdomsgroepe reeds kennis van deug- en ondeugvoorstellings dra. Hulle oordeel strek so ver dat hulle die handeling of gedrag as laakbaar of loflik kan beoordeel omdat dit van die laakbare of lofwaardige gesindheid van die dader getuig. Alhoewel die kind goed kan onderskei tussen goed en kwaad, bevind hy hom egter nog in die fase van die naïef-sedelike bewysyn en word hy nog verblind deur die uitwendige omstandighede van die daad. Die ag- tot twaalfjarige kind is nou gedeeltelik toerekenbaar, omdat hy geringer impulsiwiteit het en oor groter kennis en geskikter uitdrukkingsmiddele beskik. In kort die goeie is vir hom nog dit wat werk en bydra om die situasie te beheers. Dis dan ook geen spesifieke sedelike oordeel nie, maar 'n utilisties-progmatische. Daar is duidelike ontwikkeling te bespeur wat betref die juistheid van die sedelike oordeel vanaf die ag- tot twaalfjariges naamlik

.....

van ag-en-veertig persent by die agjarige tot vyf-en-sewentig
 15)
 persent by die twaalfjarige. Die noue verband tussen religieuse
 oordeel en die sedelike oordeel word dan verder deur die eie
 ondersoek geïllustreer deurdat ook hier ontwikkeling te bespeur
 was naamlik van vyf-en-veertig persent by die ag- tot drie-en-
 16)
 sewentig persent by die twaalfjarige. Met reg kan dus ge-
 konstateer word dat alleen deur die regte religieuse onderrig,
 kan die sedelike oordeel bevorder word. Hoe juister die
 religieuse oordeel hoe juister sal die sedelike oordeel wees.

4. Die oordeel van die kind oor die herkoms en bestemming
 van die mens:

Soos verwag kan word van kinders met 'n godsdienstige
 agtergrond, openbaar die proefpersone 'n besonder suiwer oordeel
 oor die herkoms van die mens. 'n Biologiese of ewolusionistiese
 verklaring oor die oorsprong van die mens kom nie in 'n enkele
 geval voor nie. Daar is wel graadverskille in die oordele
 deur byvoorbeeld Jesus as Maker te noem, maar alle antwoorde
 dra 'n religieuse stempel. Alhoewel nie direk in die leerplan
 verklaar word dat die kind deur die opvoeding tot die regte
 beskouing oor die oorsprong van die mens gelei moet word nie,
 word dit tog ingesluit in die naderby liggende doelstellings
 van die ware kennis van God en die waaragtige dankbaarheid teen-
 oor God. Die ware kennis van God sluit tog in kennis van God
 as die Formeerder van die mens en ook in hierdie opsig moet
 dankbaarheid teenoor God betoon word. Hy het die mens bo alle
 skeppinge verhef deur hom na Sy beeld te skape.

In teenstelling met die sekerheid oor die oorsprong
 van die mens, is daar by die ag- tot twaalfjarige nog geen
 juiste insig oor die bestemming van die mens nie. Van die
 agjariges gee vyf-en-twintig persent totaal verkeerde antwoorde,
 terwyl die helfte die hemel as bestemming noem. Slegs een
 kwart van die agjariges besef dat die bestemming van die mens

.....

15) Vgl. Coetzee: Die ontwikkeling van die sedelike oordeel, 76.

16) Sien later in die hoofstuk.

bepaal word deur sy lewe op aarde, terwyl drie-en-tagtig van die twaalfjariges hierdie insig openbaar. Die liggaam-siel begrip val nog buite die oordeel van die grootste persentasie laerskoolleerlinge.

Die Provinsiale Onderwyskommissie van Transvaal verklaar dat die onderwyser nie daarna moet streef om die kind na 17) God te lei nie. Die kommissie is blykbaar gekant teen die sentimentele opsweping en 'n onoordeelkundige aandrang op bekering. As die onderwyser egter die doel om die kind se wils - en strewingslewe meer en meer Godgerig te maak, laat vaar, dan 18) beperk hy sy terrein tot sy eie nadeel. Die ware Christelike deugde kan tog nie by 'n ongeredderde aangekweek word nie. Beveel Christus nie duidelik dat ons vrugte moet dra wat by die bekering pas nie. Elke boom word tog aan sy vrugte geken. Die leerplan vir godsdiensonderwys van die Oranje Vrystaat verklaar uitdruklik as een van die naderby liggende doelstellinge dat by die kind 'n waaragtige geloof in God, in Jesus Christus as die Verlosser en Saligmaker van die sondaars deur Wie se verdienste 19) ook hy die saligheid kan beërwe, aangekweek moet word. Geloof in God en Christus sonder waaragtige bekering is tog buite die kwessie. Die saad van geloof kan tog alleen in 'n voorbereide akker gesaai word. Uit die ondersoek blyk dit dat die begrip "deur Christus tot die Vader" eers betreklik laat deur die kind verstaan word. Die volgende saamgestelde syfers toon duidelik die ontwikkeling van die kind se oordeel oor die oorsprong en bestemming van die mens aan, en in welke mate die religieuse doelstelling van die ware kennis van God en die geloof in God verwesenlik word:

Ouderdom.	8	9	10	11	12
Persentasie Juiste insig:	34	40.5	50	52	58.5

.....

17) Vgl. Tvl. Onderwys Kommissie se Verslag 1937, 158-9.

18) Vgl. Greyling: Godsdiensonderwys in die Skool, 155.

19) Vgl. O.V.S. Leerplan, 4-5.

Ruimte vir verbetering is daar dus beslis nog en die opvoeding moet dan ook strewe om by die kind die regte beskouing oor die oorsprong en bestemming van die mens aan te kweek, aangesien mensbeskouing een van die rig-snoere van h²⁰⁾ lewensbeskouing is.

5. Die oordeel van die kind oor die diens en aanbidding van God Drieënig.

Waaragtige dankbaarheid as naderby liggende doelstelling bestaan behalwe uit die onderhouding van die Tien Gebooie en die gemeenskap met God deur die gebed ook in die doen van goeie werke, nie om die saligheid daardeur te verdien nie, maar sodat ons met ons ganse lewe dankbaarheid aan God sal bewys vir al Sy weldade.²¹⁾ Goeie dade sluit onder meer in die diens en aanbidding van God Drieënig en die eerbiediging van Sy Naam.²²⁾ Die aanbidding van God impliseer die hou van die geestelike byeenkomste waarvan die erediens die belangrikste en sentrale uitgangspunt is. Ons moet duidelik verstaan dat ons nie hier bedoel dat die onderwyser propaganda sal maak vir die bywoning van die dienste van een of ander kerkgenootskap nie. Trouens soiets word uitdruklik deur die onderwys-ordonnansie van al vier provinsies verbied. Wat wel van die onderwyser verwag word, is dat hy by die kind die doel en strekking van die geestelike byeenkomste sowel binne as buite die skoollewe sal tuisbring. Weet die kind waarom hy hierdie byeenkomste moet bywoon, waarom daar 'n eerbiedshouding by hierdie byeenkomste van hom verwag word, waarom daar by hierdie byeenkomste psalms en gesange dit wil sê liedere van 'n geestelike strekking gesing word?

Uit die ondersoek blyk dit dat die kind die motief vir die bywoon van die erediens soos volg sien: om God te verheerlik soos dit Sy kinders pas en omdat dit goed is vir die geestelike lewe van die mens. Die kind besef dat 'n stemmige gedrag vereis word by alle geestelike byeenkomste, maar waarom

20) Vgl. Oberholzer: a.w., 103-125.

21) Vgl. Greyling: Godsdiensonderwys in die Skool, 181.

22) Vgl. O.V.S. Leerplan, 4-5.

dit so moet wees, word nie deur almal begryp nie. Trouens vyf-en-sewentig persent van die ag-, veertig persent van die nege-, dertig persent van die tien-, sewe-en-twintig persent van die elf- en drie-en-twintig persent van die twaalfjariges verstreke verkeerde antwoorde of swyg. Hulle besef nog nie dat alles tot die eer van God moet geskied nie. Hierdie waarheid word treffend geïllustreer deur die ondersoek wat toon dat nie minder nie as dertig persent van die leerlinge van standaard I tot V nie weet waarom daar by die geestelike byeenkomste juis geestelike liedere gesing word nie. Deur die opvoeding moet die kind daartoe gebring word dat hy sal besef dat die lied 'n middel is om sy dankbaarheid teenoor God op 'n treffende wyse te openbaar. Die volgende samegestelde syfers toon die ontwikkeling van die oordeel van die kind oor die geestelike byeenkomste en in watter mate daar te kort geskied word in die religieuse opvoeding van ons kinders ten opsigte van die geestelike byeenkomste.

Ouderdom:	8	9	10	11	12
Persentasie Korrek:	41.2	62.2	75	80	84.5

As die kind van jongsaf die werklike doel van die geestelike byeenkomste en die erediens in besonder besef, sal dit nie dalk help om die bywoningsyfers van hierdie byeenkomste ook ten opsigte van die Sondagskool op te stoot nie? Alleen as die innerlike drang by die kind aanwesig is om waaragtige dankbaarheid teenoor God te betoon vir al Sy weldade aan die mens bewys soos ons dit in die Skrif en in die eie lewende leer ken het, sal hy die waarde van die geestelike byeenkomste besef. As hy die kerk en Sondagskool uit dwang besoek en nie as gevolg van 'n innerlike drang nie, dan sal hy sodra die gesag nie meer daar is nie die geestelike byeenkomste nie meer bywoon nie. Hierdie innerlike drang sal daar wees as die kind die werklike doel en waarde van die geestelike byeenkomste verstaan.

Dieselfde eerbiedshouding moet ook by die kind van kleinsaf aangekweek word teenoor die Sondag. Deur die opvoeding met die Bybel as uitgangspunt moet die kind leer dat dit 'n dag van God is, deur hom ingestel en daarom moet dit tot Sy eer gebruik word. Die houding van die mens teenoor die Sabbat dien as barometer vir sy verhouding tot God. Die leerplan van die Oranje Vrystaat vir godsdiensonderwys bied aan die onderwyser uitstekende geleenthede om deur die Skrif die betekenis van die Sabbat by die kind in te skerp. Indien die regte gebruik van hierdie geleenthede gemaak word, sal die kind se oordeel oor die wesenlike betekenis van die Sondag bepaald suiwerder en juister wees as wat deur die ondersoek openbaar die geval is. Van die laerskoolleerlinge het gemiddeld 16.2 persent 'n absolute verkeerde opvatting omtrent die Sabbat geopenbaar. As die jeug vandag die regte houding teenoor die Dag van die Here kan ontwikkel, sal die volgende geslag se geestelike leiers sekerlik minder te doen hê met die ewel van Sabbatsontheiliging. As die kind wat die volwassene van môre is, nie die betekenis van die Sondag besef nie, hoe kan verwag word dat hy, wanneer hy nie meer onder gesag staan nie die Sondag in ere sal hou?

6. Die kind en sy Bybel.

In die leerplan vir godsdiensonderwys van die Oranje Vrystaat word onder die aankweking van die waaragtige geloof as naderby liggende doelstelling verklaar dat by die kind aangekweek moet word, " 'n waaragtige geloof aan die Bybel as die onfeilbare Woord van God Drieënig wat vir hom die riggsnoer moet wees van sy geloof en lewe." Die Bybel-verhaal as die verhaal van God se handelwyse met die mens moet die vernaamste werktuig van die onderwyser by godsdiensonderrig wees. Die kind moet leer dat die Skrif deur God gegee is en om Sy kind te wees, moet ons in Sy Woord bly, omdat dit 'n lamp vir ons voete en 'n lig op ons pad is. Uit die ondersoek blyk dit dat daar gemiddeld 27.2 persent laerskoolleerlinge is wat nie weet waarom

.....
23) O.V.S. Leerplan, 4-5.

24) Vgl. Transvaal Leerplan 1937, 158-59.

die Bybel gelees moet word nie en dus nie die waarde en betekenis van die Woord van God vir die menslike bestaan begryp nie. Deur die regte religieuse opvoeding, moet die kind sodanig gestimuleer word dat hy op sy eie in die Woord van God sal vors.

7. Samevatting:

Uit die onderstaande tabel gegrond op die ondersoek blyk dit dat daar dus wel ontwikkeling van die religieuse oordeel by kinders van ag- tot twaalf jaar is. Die persentasie korrekte antwoorde word gegee:

Ouderdom.	8	9	10	11	12
God Drieënig.	32	47.5	56.2	63.3	74
Die Gebed.	68.3	74.3	88	89	93.3
Die Sonde.	24	29	34	48	51
Die Mens.	34	40.5	50	52	58.5
Geestelike Byeenkomste.	41.2	62.2	75	80	84.5
Die Sabbat.	70	70	91	92	100
Die Bybel.	50	57	83	87	87
Samevattenl.	45.6	54.3	68.1	73.0	73.3

Uit die ondersoek blyk dit dus dat daar nie genoeg klem op die naderby liggende religieuse doelstellings gelê kan word nie. Alleen deur die waaragtige kennis, geloof en dankbaarheid en die werking van die Heilige Gees is dit moontlik dat die einddoel naamlik om "h mens van God te wees vir elke goeie werk volkome toegerus," met h konstante, goeie, Godgerigte wil, verwesenlik kan word in soverre dit tydens die aardse bestaan van die mens moontlik is.

Uit die ondersoek blyk dit verder dat die religieuse ontwikkeling geen onderdeel uitmaak van die kind se psigologiese ontwikkeling in die algemeen nie. Dit word bewys uit die feit

dat sewe- en agjariges soms die regte antwoorde verstrek, terwyl elf- en twaalfjariges daardie insig nog nie toon nie. Die religieuse oordeel is dus (in stryd met die gangbaar psigologiese standpunt) 'n sielservaring wat andersoortig is as die psigologiese gevoelens of emosies. Dit is 'n belewenes wat bo verstand en aanleg, natuurlike ryping en die "natuur van die mens" uitgaan, want dit is 'n geloofsaangeleentheid. In hierdie verband moet verder afgelei word dat ongeloof 'n ontwikkelingstoornis is.

Alhoewel selfs die twaalfjariges nie voldoen aan die religieuse doelstellingseise nie, moet in gedagte gehou word dat daar deurgaans 'n positiewe groei en ontwikkeling by die religieuse oordeel is wat die hoop laat ontstaan dat die kinders soos hulle ouer word onder die regte leiding tot beter insigte sal kom.

8. Finale Aanbevelings:

Ten slotte slegs 'n paar aanbevelings oor wat gedoen kan word om die religieuse oordeel van die laerskoolkind te verbeter om sodoende die religieuse doelstellings te bevorder. Oor die metodiek van die godsdiensonderwys is daar reeds baie geskryf en daarmee kan dan ook volstaan word. Hier gaan dit kortliks oor die onderwyser as instrument om die religieuse doelstellings te bevorder.

(a) Die Onderwyser en die Onderwysordonnansie.

Daar is in die eerste plek die kwessie van die gewetensklousule waaroor daar 'n mate van verskil in die ordonnansies van die vier provinsies bestaan. In Kaapland mag onderwysers aangestel word wat gewetensbesware teen die gee van godsdiensonderwys het en sodanige leerkragte word duidelik deur die ordonnansie beskerm. Dit verbied skoolrade en -kommissies om by die aanstelling van onderwysers openlik navraag te doen na die applikante se godsdienstige gesindheid. In die Oranje Vrystaat mag geen onderwyser wat vir die algemene welsyn van 'n klas van 'n

.....
25) Vgl. (a) Greyling: Godsdiensonderwys in die Skool.
(b) Joubert: Godsdiensonderwys in die Laer Skool.

26) Vgl. (a) Artikel 15 van Wet No. 20 van 1917 in die Wetboek van ons land.
(b) Wysigingsordonnansie, No.10 1945, art. 5 (ii).

openbare skool verantwoordelik is, as 'n lid van die onderwyspersoneel van die skool aangestel of aangehou word nie, tensy hy bereid is om sonder gewetensbeswaar godsdiensoonderrig soos by hierdie artikel vereis, te gee, of tensy hy van sodanige verpligting deur die Direkteur vrygestel is.²⁷⁾"

Die nadeel van die posisie in Kaapland is dat dit die christelike stempel aan die skool ontnem, terwyl daar ook skeiding gemaak word tussen die gees en die rigting van die godsdiensoonderwysklas en die res van die vakke in die skool. Wat is nou die posisie in die Oranje Vrystaat? Oënskynlik lyk dit of die hele onderwys-stelsel deur en deur christelik is. Reg genoeg ook, maar hoelank sal dit so bly as die skuiwergat van gewetensbeswaar tog aanwesig is? Wanneer 'n pleidooi vir die gewetensklousule gelewer word, is dit maar net om 'n argument uit te maak dat 'n Christen-gelowige applikant voorkeur moet geniet bokant een wat die christelike geloof verwerp. Dit is sekerlik vir enige Verbondsouer in die uitvoering van sy doopsbelofte van die grootste belang dat hy ook die onderwyser wat aan sy kind onderwys en meer bepaald godsdiensoonderwys moet gee, sal kan keur en wel volgens sy geloofsoortuiging.

Dit bring ons by die kwessie of daar nie spesialiste vir die onderrig van godsdiensoonderwys moet wees nie. Ter wille van die deeglikheid en die mate van keur van onderwysers wat dit sal bewerkstellig, is dit heeltemal wenslik, maar die argumente daarteen weeg beslis swaarder. Godsdiensoonderwys deur elke onderwyser self skep die regte gees in die klas vir die res van die dag, terwyl „spesialiste“ 'n verskil in die geesteskoers van die skool mag bring, aangesien dit godsdiensoonderwys skei van die ander vakke. Elke Christenonderwyser het die reg, maar dit is ook sy plig om godsdiensoonderwys te gee. Ons moet steeds in gedagte hou dat dit hier veral gaan oor die laerskoolleerkrigte en die ideale toestand sal dan ook wees as elke laerskoolkind en veral die groep van ag- tot twaalfjaar godsdiensoonderrig van sy eie

.....

klasonderwyser sal ontvang. Dit is nie alleen wenslik vir die kind se godsdienstige vorming nie, maar dit beteken veel vir die onderwyser self om godsdiensonderwys te gee vir die vorming van sy eie karakter en lewensbeskouing.

Die onderwyser mag geen dogma spesifiek eie aan sy kerk leer nie. Hieroor is die onderwysordonnansie van die vier provinsies dit eens.²⁸⁾ Dit word dus van die onderwyser verwag om neutraal te staan ten opsigte van sy eie kerklike belydenis. Dit beteken nou nie dat die onderwyser ten opsigte van die christelike godsdienst 'n neutrale houding moet inneem nie. Dit trouens is ook nie moontlik nie, want deur die hele optrede van die onderwyser word sy lewensbeskouing weerspieël. Tereg sê Nunn dat die onderwyser hom net so min onsigbaar kan maak as wat kan voorkom dat hy sy leerlinge opvoedend beïnvloed. "He cannot bind the directive influences that flow from the prestige of age,²⁹⁾ of superior knowledge and experience of the world." 'n Lewende mens kan nooit werklik neutraal teenoor die wêreld en lewe staan,³⁰⁾ sonder om sy identiteit as lewende wese prys te gee nie. Die onderwysordonnansie van die Vrystaat eis slegs neutraliteit ten opsigte van die propagering vir een of ander kerklike belydenis en nie ten opsigte van die lewensbeskouing van die onderwyser nie. Trouens die ordonmansie van die O.V.S. eis 'n Christelike lewensbeskouing van sy leerkrigte daarom eis dit dat daar geen onderwyser wat 'n gewetensbeswaar teen die onderrig van godsdiensonderwys het, aangestel mag word nie. Die sogenaamde "neutraliteit" teenoor lewensbeskouings - vraagstukke lei dan ook tot 'n oppervlakkige, egoïstiese lewensbeskouing by die jong kind. Dit help nie dat die onderwyser die religieuse doelstellings van waaragtige kennis van God, dankbaarheid teenoor God en geloof in God by sy leerlinge probeer tuisbring as hy nie self die draer daarvan is nie. Tereg sê Emerson in verband met die mag van die voorbeeld: "Wat jy is tuit so hard in my ore dat ek

.....

28) Vgl. Greyling: a.w., 265.

29) Nunn: Education, Its Data and First Principles, 100.

30) Vgl. Keyter: Opvoeding en Onderwys, 120.

gladnie kan hoor wat jy sê nie." Elke onderwyser is onbewus en bewustelik besig om impressies op die sensitiewe geheueplaat van sy leerlinge af te druk. Hierdie invloed moet sodanig wees dat dit die leerlinge gehelp het tot 'n disposisie wat godsdiens as iets belangriks, iets waardevols beskou, sodat die gemaakte indruk die leerlinge later in een of ander versoeking of krisis tot steun en hulp kan wees. As die leerlinge deur die onverskillige of neutrale lewenshouding van die onderwyser met weersin of neutraliteit teen die godsdiens vervul word sal hulle disposisie wees om die godsdiens as 'n waardelose iets oorboord te gooi. Treffend is die volgende brief aangehaal deur Albertyn i.v.m. godsdiensonderwys. "Wat my onderwyseres my alles in daardie vroeë jare oor godsdiens geleer het, daarvan het ek baie vergeet, maar die invloed van haar liefde en die edelheid van haar karakter het gemaak dat sy my ideaal geword het, en daardie begrip het my bygebly en was my 'n gedurige inspirasie." Die lewe van die onderwyser dien vir die kind as maatstaf watter waarde hy aan die godsdienstige kennis wat hy hulle meedeel heg.

(b) Die regte houding teenoor godsdiensonderwys.

Die Skrif is die uitgangspunt van alle godsdiensonderwys en die onderwyser moet sy eie geloofslawe daarop grond op sodanige wyse dat die leerlinge aan sy sorg toevertrou van sy gedrag kan aflei dat sy verhouding teenoor die Bybel een is van ontsag en eerbied daarvoor en algehele gehoorsaamheid en onderworpenheid daaraan. Alleen dan kan die onderwyser verwag dat die religieuse oordeel van sy leerlinge na wense sal ontwikkel.

Die onderwyser kan alleen vrug op sy werk verwag as hy 'n gebedslawe ly. Die onderwyser is van vrug op sy werk in godsdiensonderwys in besonder van God geheel en al afhanklik en moet daarom gedurig bid dat God die werk van sy hande sal bevestig. ³³⁾ Godsdiensonderwys is 'n vak wat hoë eise aan die

31) Albertyn: Godsdiensonderwys in ons Skole, 1.

32) Albertyn: a.w., 55.

33) Vgl. Psalm 90 vs. 17.

onderwyser stel. Ander vakke het te doen met die skepping van God naamlik die natuur en die mens, terwyl godsdiensonderwys met God self en die verhouding van die mens tot God te doen het. Die onderwyser moet besef dat hy dit nooit in eie naam, in eie krag en in eie geregtigheid kan onderwys nie. Hy moet weet dat elke kind 'n skepsel van God is en dat hy aan God vir hom verantwoordelik is. "Elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see." 34) Elke kind moet benader word as eiendom van Christus en daarom kan die godsdiensonderrig slegs in die naam van God en deur Sy krag suksesvol onderwys word. Die eise is so hoog dat die onderwyser gedurig deur die gebed God om leiding moet nader, sodat die kinders die ideaal wat hy aan hulle voorhou in lewende werking in die persoon van die onderwyser sien. Dan alleen sal dié ideaal hulle ideaal word, omdat hulle self oortuig is.

Daar bestaan die gedagte dat opvoedkundige bekwaamheid nie nodig is by godsdiensonderwys nie, solank die hart en die bedoeling van die onderwyser reg en goed is. Goeie bedoelinge is essensieel, maar dit kan nie ten volle benut word as dit nie gerugsteun word deur deeglike kennis en metodes nie. Dit is beslis noodsaaklik vir die patriot om afrigting as rekrute te ontvang indien hy in die tyd van oorlog werklik van waarde vir sy land wil wees. Ewe noodsaaklik is dit dat die godvrugtige onderwyser onderrig sal wees in die kennis van God en die beginsels van die opvoedkunde. Deeglike opleiding in die metodiek van godsdiensonderwys is beslis noodsaaklik, want daar is geen gewigter doel as die van die godsdiensonderwys waar die onderwyser hom besig hou met die onsterflike siel en volgsame karakter van die kind nie. Alleen deur die onderwys van 'n godvrugtige onderwyser wat ten volle in die metodiek van godsdiensonderwys onderrig is en met die seënende medewerking van die Heilige Gees

.....

34) Vgl. Matt. 18 vs. 16.

is die moontlikheid daar om die opperste religieuse doelstelling van die onderwys naamlik om mense te vorm wat God Drieëinig ken en eer en „vir elke goeie werk volkome toegerus is," te verwesenlik.

BIBLIOGRAFIE.

- ALBERTYN, P.K. : Godsdiensonderwys in ons Skole.
S.A.B.V., Kaapstad.
- BAVINCK, H. : Paedagogische Beginselen.
J.H. Kok, Kampen, 1904.
De offerande des Lofs.
J.H. Kok, Kampen, Amsterdam, 1907.
Gereformeerde Dogmatiek.
J.H. Kok, Kampen, 1928.
- BANNING, W. : Typen van Zedeleer.
Boekencentrum, Gravenhage, 1948.
- BINGLE, H.J.J. : Enkele godsdienstige opvattinge
van die Middelbare Skoolleerling.
Proefskrif vir D. Phil. by die Uni-
versiteit van Suid-Afrika.
- COETZEE, J. Chris en BINGLE, H.J.J. : Beginsels en Metodes van die Laer
Onderwys.
Van Schaik Bpk., Pretoria, 1947.
- COETZEE, J. Chris. : Die Kind en sy Godsdien. Deel I.
Van Schaik Bpk., Pretoria.
Inleiding tot die Algemene Teoretiese
Opvoedkunde.
Van Schaik Bpk., Pretoria, 1953.
Inleiding tot die Algemene Praktiese
Opvoedkunde.
Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1948.
- COETZEE, A.J.S. : Die ontwikkeling van die sedelike
oordeel by leerlinge van die Mid-
delbare Skool.
Proefskrif D.Phil. by die Universiteit
van Pretoria.
- DE HOVRE, Fr. : Paedagogische Wijsbegeerte.
Brussel, 1934.
- DE WILDE, A. : Kohnstamm en het Personalisme.
Alg. Ned. Tijdsch. voor Wijsb. en
Psych., Afl. 3, Febr. 1952.

- DILTHEY, W. : Gesammelte Schriften 5 und 8.
Berlin, 1931/4.
- DOOYEWEERD, H. : Reformatie en Scholastiek in de
Wijsbegeerte.
T. Wever, Franeker, MCMXLIX.
- E.N.S.I.E. : Onder redaksie van H. de Vos en
Ph. Kohnstamm.
Enschedé en Zoonen, Amsterdam, 1946.
- ERASMUS, O.C. : Die Personalisme van Kohnstamm
en die betekenis hiervan vir sy
Prinsipieel-Pedagogiese Denkbeelde.
D. Ed. Proefskrif, Pretoria, 1955.
- GELDENHUYS, N. : Die Opgroeïende Kind.
Stellenbosch, 1942.
- Godsdiensonderwys : Leerplan van die Onderwysdepartement,
Sts. 1-5, 1954.
- GREYLING, E. : Godsdiensonderwys in die Skool.
Sondagskool Depot, Bloemfontein, 1946.
- GROENMAN, G. : De Lichamelijke Opvoeding
als Anthropologisch Probleem.
Groningen, Maart 1948.
- HAVENGA, C.F.B. : Die sedelike oordeel van die
8 - 12 jarige kind.
PRETORIA, Feb. 1949.
- HUSEN, R. : Christelike Paedagogiek
Brielle. J. Wierema, 1885.
- JOUBERT, W.A. : Godsdiensonderwys in die
Laer Skool.
Nas. Pers Bpk., Kaapstad, 1947.
- KEET, B.B. : Ons Redelike Godsdiens.
C.S.V., Stellenbosch, 1945.

- KEYTER, J. de W. : Opvoeding en Onderwys.
Nas. Pers Bpk., Bloemfontein, 1936.
- KILPATRICK, W.H. : Philosophy of Education.
New York, 1951.
- KOHNSTAMM, Ph. : Het Waarheidsprobleem.
Deel I van Schepper en Schepping.
Tjeenk, Willink en Zoon, Haar-
lem, 1929.
Mensch en Wereld. Een persona-
listische inleiding in de Wijsbegeerte.
Scheltema, Amsterdam 1947.
Persoonlijkheid in Wording.
Deel II van Schepper en Schepping.
Tjeenk, Willink en Zoon, Haarlem 1929.
- KUYPERS, A. : Inleiding in de Zielkunde.
J.H. Kok, Kampen 1953.
- LANGEVELD, M.J. : Beknopte theoretische pae-
dagogiek.
Groningen, 1946.
Kind en Religie.
Erven J. Bijleveld, Utrecht, 1956.
- MALHERBE, E.G. : Educational Adaptations in a
Changing Society.
Juta and Co., Cape Town and Joh'burg..
- MELLONE, S.H. : Leaders of Religious Thought in
the Nineteenth Century. William
Blackwood. London, MCMII.
- NIEBUHR, R. : The nature and destiny of man.
London, 1945.
- OBERHOLZER, C.K. : Inleiding in die Prinsipiële
Opvoedkunde.
J.J. Moreau en Kie, Pretoria -
Brugge 1954.
- OFFISIËLE KOERANT. : Provinsie Oranje Vrystaat.
31 Desember 1954, No. 69.

- OPPENHEIM, N. : The development of the child.
Macmillan Company, New York.
1915.
- POPMA, K.J. : Inleiding in de Wijsbegeerte.
Kok, Kampen, 1956.
- SCHOLTZ, G.D. : Dr. Nicolaas Johannes van
der Merwe 1888 - 1940.
Voortrekker Pers Bpk., Johannesburg,
1941.
- STAYT, M.W. : Art education for children.
Juta en Kie, Bpk., Kaapstad, 1952.
- STOKER, H.G. : Die stryd om ordes.
Caxton Drukkery Bpk., Pretoria, 1941.
- STRAUSS, H.J. : Christelike Wetenskap.
Sacum, Bloemfontein, 1953.
- TALJAARD, J.A.L. : Die mens, die liefde en die
sedelike.
Koers. Jaargang XXIII. Junie 1956.
- VAN KLINKEN : Hoofddlijnen en Hoofdpunten van
de Opvoedkunde.
Stenvert, Meppel, 1936.
- WATERINK, J. : Theorie der Opvoeding.
J.H. Kok te Kampen, 1951.
- WILSON, D.F. : De Ziel van het kind in haar
godsdiensstige ontplooiing.
Vertaal deur J. Kuiper.
Amsterdam, MCM XXXI.
- WINKLER PRINS : Encyclopaedie. Deel 13.
Amsterdam.